University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

# **'N PRAKTIESE TEOLOGIESE ONDERSOEK NA SPIRITUALITEITSTIPES IN EREDIENSTE IN DIE RING VAN DIE PAARL**

DEUR

PIETER HENDRIK BARNARD

VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VERVULLING
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD
MA (Teologie)
in die

FAKULTEIT TEOLOGIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Studieleier: Dr FJ Clasen
Mede-studieleier: Prof CJA Vos

OKTOBER 2004

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

## VERKORTE INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| VERKORTE INHOUDSOPGAWE | 2 |
| VOORWOORD | 3-4 |
| OPSOMMING | 5-6 |
| SUMMARY | 7-8 |

**HOOFSTUK 1: ORIËNTERING**

| | |
|---|---|
| 1.1 INLEIDING | 9 |
| 1.2 PROBLEEMFORMULERING | 9 |
| 1.3 PROBLEEMVRAAG | 10 |
| 1.4 DOEL VAN ONDERSOEK | 10 |

**HOOFSTUK 2: 'N BASISTEORIE VIR SPIRITUALITEITSTIPES**

| | |
|---|---|
| 2.1. INLEIDING | 15 |
| 2.2. DIE VORMGEWING VAN DIE EREDIENS WAARBINNE SPIRITUALITEITSTIPES FUNKSIONEER | 15 |
| 2.3. DIE VORMGEWING VAN SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALITEITSTIPES BINNE 'N EREDIENS | 23 |

**HOOFSTUK 3: 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA SPIRITUALITEITSTIPES BINNE DIE RING VAN DIE PAARL** 57

**HOOFSTUK 4: 'N VERSTELDE PRAKTYKTEORIE** 73

**BIBLIOGRAFIE** 90

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

VOORWOORD

Hiermee 'n opregte woord van dank en waardering aan:

- Ons Hemelse Vader wat my geroep het as klein seuntjie om in diens te staan van die Koning van alle Konings. Die bediening is my lewe. Die erediens en prediking is my passie. Hierdie is slegs 'n manier om dankie te sê vir die vooreg om vir die Bruid van Christus te werk om sodoende volkome gereed te wees as die Bruidegom ons kom haal.

- Prof. Cas Vos wat nog altyd vir my as geestelike vader en mentor opgetree het. Baie dankie dat u altyd vir my met insig en wysheid begelei het. Dankie vir die vertroue wat u altyd in my gehad het waar ek nooit besef het dat daar plek vir my is in 'n akademiese milieu nie.

- Dr. Ferdie Clasen, my studieleier, vir u leiding en vriendskap vanaf my studentedae. Dit is weer goed om kontak te kon maak op dié manier na al die jare waar ons honderde kilometers verwyder was van mekaar.

- My pragtige vrou Delia dat jy my deurgaans ondersteun met lojaliteit en liefde in die bediening. Ek sê dankie vir die Here vir 'n vrou wat haar man se hande hoog hou. Dankie vir jou eerlikheid en begrip na elke preek en erediens. Dankie dat jy deel is van my lewe en roeping. Dankie vir die ma wat jy is vir ons pragtige seuntjie Armand.

- Dr. Johannes Erasmus en Gerbrand Mans van die Sentrum vir Godsdiens en Demografiese Navorsing aan die Universiteit van Stellenbosch vir hulle hulp en raad rakende die empiriese ondersoek.

- Dr. Ian Nell van N.G. Sonstraal in Durbanville vir sy vriendskap, motivering, leiding en hulp.

- Dr. Breda Ludick van N.G. Helderberg in Somerset-Wes vir sy hulp en leiding met navorsingsmateriaal.

- Elisma du Toit, vriendin en huisvriende wat gehelp het met die vertaling van die vraelyste rakende die empiriese ondersoek. Dankie Elisma, jy is 'n staatmaker en ware vriendin.

- Oom Schalk en Tannie Elaine Joubert wat gehelp het met die proeflees en vertalings. Julle is twee mense vir wie ek baie lief is en groot waardering het.

- Ds. Carel van Wyk, my kollega en vriend in die Paarl. Wat 'n voorreg om 'n kollega soos jy te hê. Dankie dat ek weet jy sal ook help dat dit wat hier ondersoek word in die praktyk omgesit sal word.

- My kerkraad en gemeente wat dit vir my moontlik maak om nie net julle dominee te kan wees nie, maar ook om net myself op en af van die kansel te kan wees. Ek weet dat God oppad is na groot hoogtes in Suider-Paarl. Dankie dat julle saam met my handevat.

- My ouers, pa André en ma Ina. Nie baie kinders het ouers soos julle nie. Julle is een in miljoen. Julle is en was nog altyd daar vir my. DANKIE!

- Al my ander vriende naby my en Delia. Dankie dat julle saam met ons 'n pad stap in die gemeente waar God ons geplaas het. Julle is kosbaar!

Soli Deo Gloria

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

# OPSOMMING

'N PRAKTIESE TEOLOGIESE ONDERSOEK NA
SPIRITUALITEITSTIPES IN EREDIENSTE
IN DIE RING VAN DIE PAARL

deur
Pieter Hendrik Barnard
Studie-leier: Dr. FJ Clasen
Mede Studie-leier: Prof. CJA Vos
Departement: Praktiese Teologie
Graad: Magister Divinitatis-Ērediens

Hierdie studie werk uit die voorveronderstelling dat daar meer as een Spiritualiteitstipe heers onder lidmate van die Ned. Geref. Kerk in die Ring van die Paarl. Uit gesprekke met kollegas, teologiese artikels en boeke, eie ervarings in eredienste as liturg, Myers en Briggs persoonlikheidprofiele, is dit duidelik dat daar onduidelikheid is oor hoe om die verskillende tipes spiritualiteite te indentifiseer en te hanteer. In die Paarl-Vallei met sy wortels diep in die Afrikaanse Kultuur en Tradisie asook my eie gemeente N.G. Kerk Suider-Paarl wat aan die voet van die Afrikaanse Taalmonument lê, is daar 'n soeke na en behoefte aan 'n verantwoordelike vernuwing in eredienste. Die omliggende kontekste en invloede kan nooit losgemaak word van bepaalde Spititualiteitstipes waaraan lidmate ‘n diepe behoefte het nie. My vriende, familie en lidmate wat toegewyde lidmate van die Ned.Geref. Kerk was, verlaat die Kerk heeltemal of vind 'n tuiste by ander denominasies met ander tipes Spiritualiteite. As jong predikant ontstel dit my om te besef dat groot getalle in my ouderdomsgroep van 20-35 jaar oud die Ned. Geref. Kerk verlaat het. Vanaf 1996 het die Ring van die Paarl 4000 lidmate verloor nieteenstaande die Paarl gesien word as 'n demografiese groeipunt in die Wes-Kaap Provinsie. In omliggende vernuwingsgemeentes buite die gereformeerde belydenis sit eredienste stampvol met lidmate wat grootgeword het binne-in die gereformeerde belydenis. Op die oog af lyk dit of die post- modernistiese mens hulle nie veel steur aan teologiese verskille tussen kerke

nie, maar veel eerder aanklank vind by enige gemeente met 'n sekere tipe aanslag en spiritualiteit.

Sou dit die geval wees, hou dit beslis nadelige gevolge vir die Kerk in. Dit kan nie anders as om te lei tot die verarming van eredienste en geloofskommunikasie nie. Dit is selfs moontlik dat dit sal lei tot die gedeeltelike disfunksionering van die erediens en die prediking. Indien dit waar is dat daar net ruimte geskep word vir een tipe spiritualiteit met ‘n nou-en-dan afwisseling , wonder mens wat sal die redes daarvoor wees ? Hoekom hou Ned. Geref. Kerk predikante aanmekaar vas aan een bepaalde spiritualiteit ? Is dit miskien omdat hulle tevrede is met die inhoud van die Boodskap, maar die atmosfeer of spiritualiteit wat tydens die erediens heers nie veel saak maak nie ? Vra dit miskien net te veel werk en beplanning ?

Uit die bespreking is dit duidelik dat daar ‘n probleem bestaan waarmee rekening gehou sal moet word. Die kern van die navorsingsprobleem sou dan soos volg saamgevat kan word:

- Daar is ‘n vermoede dat daar ‘n probleem bestaan met betrekking tot die Spiritualiteitstipes wat heers in die Ned. Geref. Kerk, veral in die Ring van Paarl en lidmate se persoonlike voorkeur vir 'n sekere tipe spiritualiteit (Hoofstuk 1).
- ‘n Basisteorie oor Spiritualiteitstipes geformuleer moet word (Hoofstuk 2).
- Die Spiritualiteitstipes in die Ring van die Paarl aan die hand van die teorie empiries ondersoek word (Hoofstuk 3).
- ‘n Verstelde praktykteorie voorgestel moet word wat kan lei tot ‘n verstelde bedieningspraktyk (Hoofstuk 4).

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat die vertrekpunt in hierdie veranderde konteks rondom Kerkwees , maar veral die erediens, met ‘n nuwe uitdaging gekonfronteer word. Sodoende is mense opsoek na ‘n meer effektiewe kommunikasie van die Evangelie in die konteks waarin ons Kerk vandag is. Maar veral ook meer spesifiek in die konteks van die Ring van die Paarl.

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

SUMMARY

A PRACTICAL THEOLOGICAL INVESTIGATION
REGARDINGSPRITUALITY-TIPES IN
CHURCH SERVICES IN THE RING OF PAARL

by
Pieter Hendrik Barnard
Study Leader: Dr. FJ Clasen
Co-Study Leader: Prof. CJA Vos
Department: Practical Theology
Degree: MA (Theology)

This study is based on the presumption that more than one type of Spirituality prevails amongst members of the Dutch Reformed Church in the Circuit of Paarl. From conversations with colleagues, theological articles and books, own experience of services as liturgist and Myers and Briggs personality profiles, it is evident that there is a confusion regarding the identification and management of the various types of Spirituality. In the Paarl Valley, deep rooted in the Afrikaans Culture and Tradition , as in my own congregation the Dutch Reformed Church Suider-Paarl at the foot of the Afrikaaans Language Monument, there is a search for and a need of a responsible rejuvenation regarding church services.

The surrounding contexts and influences can never be removed from certain spiritual types of which members have a deep need. My friends, family and congregation members who were devoted members of the Dutch Reformed Church, have either left the church completely or found a home with other denominations with other types of Spirituality.

As a young minister I find it disturbing that large numbers of my age group of 20-35 years have left the Dutch Reformed Church. Since 1996 the Paarl Circuit has lost 4000 members, notwithstanding the fact that the Paarl is regarded as a demographic point of growth in the Western Cape. In surrounding renascence congregations outside the reformed creed, the services are filled with members who were raised within the

reformed creed. Post-modern man apparently does not pay attention to theological differences between churches, but preferably respond to any congregation with a certain type of approach and Spirituality.

If this is the case, it bodes no well for the Dutch Reformed Church. It will inevitably lead to the impoverishment of services and religious communication. It could also lead to the partial disfunctioning of the services and the homily. Be it true that only one type of spirituality is provided for, with occasional variations, one wonders what the reason is for this. Why do Dutch Reformed ministers cling to a specific Spirituality? Is it because they are satisfied with the content of the "Message", but the atmosphere of Spirituality that exists during the service doesn't matter much? Does it perhaps demand too much work and preparation?

It is obvious that a problem exists that must be taken into account. The crux of the research can be summarized as follows:

- There is a supposition that a problem exists regarding the Spirituality types prevalent in the Dutch Reformed Church, especially in the Paarl Circuit and the personal preference of the members for a specific Spirituality. (Chapter 1)
- A basic theory concerning Spirituality types must be formulated. (Chapter 2)
- The Spirituality types in the Paarl Circuit must be empirically researched. (Chapter 3)
- An adjusted practice theory must be proposed which can lead to an adjusted ministry practice. (Chapter 4)

From the above discussion it is clear that the point of departure in this changed context of the essence of ecclesiasticism, but more specifically the divine service, is confronted by a new challenge. Members are in search of a more effective communication of the Gospel in the context in which the church finds itself today, but, more specifically so, as it appears in the context of the Paarl Circuit.

# HOOSTUK 1:  ORIËNTERING

## 1.1  INLEIDING

**Spiritualiteit** verwys na dit wat te doen het met die intellegensie en immateriële kant van 'n mens wat die transendente beleef.  Spiritualiteit verwys na sekere houdinge en aktiwiteite wat 'n persoon doen om kontak te maak met God.

## 1.2  PROBLEEMFORMULERING:

Hierdie studie werk vanaf die voorveronderstelling dat daar meer as een tipe Spiritualiteit is wat heers onder lidmate van die Ned. Geref. Kerk in die Ring van die Paarl.  Die probleem wat ondersoek sal word hou verband met die vormgewing van eredienste in die Ned. Geref.  Kerk,  waarbinne spiritualiteite voorkom en die individu se persoonlike spiritualiteitsvoorkeur.
Ons neem aan dat spiritualiteite in meer as een materiële wêreld kan plaasvind en dat daar diversiteit en grense heers onder bestaande spiritualiteite.  Natuurlik moet ons in gedagte hou dat die konteks, geloofstradisie, jou eie storie en jou psigologiese samestelling, 'n groot invloed sal hê op die manier waarvolgens jy voorkeur sal gee aan 'n sekere tipe spiritualiteit.

Uit gesprekke en ondersoeke na spiritualteit in die Ned, Geref. Kerk het aan die lig gekom daar daar net een oorheersende tipe spiritualiteit heers.  As dit die geval is dan hou dit nadelige gevolge in vir die kerk.  Indien dit ook so is kan dit lei tot gedeeltelike disfunksionering en gebrekkige geloofskommunikasie met betrekking tot die verkondiging van die evangelie.

Indien dit waar is dat daar net een oorheersende tipe spiritualiteit heers in gemeentes dan wonder 'n mens wat die redes daarvoor is?  Hoekom is daar 'n oorbeklemtoning van een tipe spiritualteit by gemeentes?

## 1.3 PROBLEEMVRAAG:

Hoekom kla lidmate heeltyd dat hulle min ervaar en beleef in eredienste ? Gaan dit regtig om maar net 'n paar foefies te probeer in die eredienste of gaan dit veel wyer ? Tot watter mate reflekteer die Spiritualitiet wat heers in eredienste in die Paarlvallei die werklike behoeftes van die hoorders ? Word daar na hierdie behoeftes gekyk en voorsiening gemaak of bly ons maar steeds sê: Dit is die tradisie en so sal dit bly !

In die voorafgaande uiteensetting vorm die volgende drie aspekte deel van die probleemvraag wat in hierdie ondersoek aandag sal geniet:

- Hoe vergestalt die verskillende tipes spiritualiteite in gemeentes en lidmate se persoonlike spiritualitietsvorkeure binne die Ring van die Paarl?
- Watter basisteoretiese veronderstellings bepaal hierdie praktyk?
- Hoe kan laasgenoemde teoretiese veronderstellings verstel word, om tot 'n verstelde praktyk te lei, waarin mense 'n ontmoeting met die Lewende God ervaar en beleef?

## 1.4 DOELSTELLING

Die Empiries- teologiese navorsing wat in hierdie studie onderneem word poog om die lidmaat se spiritualitsbehoefte in ag te neem wanneer predikante met die erediens te werk gaan, spesifiek in die Ring van die Paarl. In die lig hiervan is die doel van die navorsing van hierdie studie opgesluit in die volgende doelwitte:

- Om 'n literatuurondersoek te doen van relevante navorsingsliteratuur oor eredienste en spiritualiteitstipes en dit as basisteorie te ontwikkel.
- Om 'n empiriese ondersoek te doen van die Spiritualiteitstipes in die Ring van die Paarl (Hierdie deel van die studie is 'n empiriese aktiwiteit waar die begrip *verklaar* sentraal staan).
- Om 'n verstelde praktykteorie voor te stel (Hierdie deel van die studie is 'n strategiese aktiwiteit waar *verandering* weer sentraal staan).

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

Die studie poog om lidmate in die Ring van die Paarl met betrekking tot hulle spiritualiteitstipes en erediensbelewenis beter te verstaan en empiries beter te leer ken. Die teologiese implikasies van laasgenoemde is verbeterde geloofskommunikasie in die eredienste. En beter eredienste dien weer die koninkryk en verheerlik God wat die uiteindelike doel van die teologie is.

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

# HOOFSTUK 2: 'N BASISTEORIE VIR SPIRITUALITEITS-TIPES

## 2.1 INLEIDING

## 2.2 DIE VORMGEWING VAN DIE EREDIENS WAARBINNE SPIRITUALITEITS-TIPES FUNKSIONEER

2.2.1 Inleiding

2.2.1.1 Die Erediens as religieuse handeling

2.2.1.2 Die Erediens binne twee perspektiewe

2.2.1.2.1 'n Hermeneutiese perspektief

2.2.1.2.1.1 Die rol van verstaan

2.2.1.2.1.2 Die rol van die konkrete konteks

2.2.1.2.2 'n Kommunikatiewe perspektief

2.2.1.2.2.1 Die rol van taal, atmosfeer en oorredende handelinge

2.2.1.2.2.2 Die rol van proklamasie, estetika en doksologie

2.2.1.3 Die belang van die hoorder

2.2.1.4 Geloofsvorming tot eer van God

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

2.2.2 Konklusie

2.3 DIE VORMGEWING VAN SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALITEITSTIPES BINNE 'N EREDIENS

2.3.1 INLEIDING

2.3.2 DIE MATERIËLE DIMENSIE VAN SPIRITUALITEIT

2.3.2.1 Konteks

2.3.2.2 Konfessionele tradisie

2.3.2.3 Narratief

2.3.2.4 Psigologiese samestelling

2.3.2.5 Konklusie

2.3.3 DIVERSITEIT EN GRENSE VAN CHRISTELIKE SPIRITUALITEIT

2.3.4 'N MODEL VAN SPIRITUALITEIT

2.3.4.1 Verhouding met God

2.3.4.2 Verhouding met ander

2.3.4.3 Verhouding met die Skepping

2.3.4.4 'n Netwerk van interaksie

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

2.3.5 DIE SPIRITUELE EN DIE MATERIËLE: 'N OORBRUGGING TUSSEN DIE TWEE UITERSTES

2.3.6 URBAN T. HOLMES

2.3.7 VIER SPIRITUALITEITSTIPES

2.3.7.1 'n Kop Spiritualiteit

2.3.7.2 'n Hart Spiritualiteit

2.3.7.3 'n Mistieke Spiritualiteit

2.3.7.4 'n Hand Spiritualiteit

2.3.8 OPSOMMING

2.3.9 KONKLUSIE

University of Pretoria etd – Barnard, P  (2005)

## 2.1. INLEIDING

Die basisteorie wat in hierdie hoofstuk ontwikkel word vir die Spiritualiteitstipes wat in die erediens gekommunikeer moet word vind plaas in 'n wisselwerking tussen die tradisie (Skrif en Teologiese tradisie) en nuwere insigte in die praktiese teologie waar die insigte van ander studievelde ook aan die lig kom.

Heitink (1993:159-162) wat oordeel dat daar in die metodologie van die praktiese teologie tussen drie begrippe onderskei kan word nl. BEGRYP, VERKLAAR en VERANDER.
BEGRYP is 'n hermeneutiese aktiwiteit, VERKLAAR 'n empiriese aktiwiteit en VERANDER 'n normatiewe aktiwiteit.  Die drie aktiwiteite is in 'n voortdurende wisselwerking met mekaar en volg mekaar nie noodwendig chronologies op nie.

In hierdie hoofstuk staan die hermeneutiese aktiwiteit van begryp, verstaan, beleef sentraal.  Daarom is die argumentasie spiraalvormig, ook bekend as die hermeneutiese sirkel/spiraal.

Die beredenering hou verband met die feit dat dit gaan om die *lokalisering en individualisering* van 'n unieke handeling.  Wat dus gepoog word is die interpretasie van 'n prakties- teologiese handeling (Spiritualiteite in die erediens) in die lig van die christelike tradisie met die oog op die ontwerp van 'n basisteorie.

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

## 2.2 DIE VORMGEWING VAN DIE EREDIENS WAARBINNE SPIRITUALITEITE FUNKSIONEER

### 2.2.1. Inleiding

'n Basisteorie of fundamentele teorie is volgens Vos (1996:61) die 'teologiese basis wat die praktyk ten grondslag lê', terwyl 'n praktykteorie daarop gerig is om die praktyk van die erediens in hierdie studie te rig en te stuur (Vos 1996:62). As vakgerigte teorie word die basisteorie in hierdie hoofstuk binne die veld van die homiletiek ontwikkel vir doeleindes van die vak.

Die volgende word as basisteoretiese uitgangspunt vir hierdie studie gestel en bespreek: ***'n Sekere spiritualiteit(e) in 'n erediens is 'n religieuse handeling waarin die heil van God aan die mens gekommunikeer word en saam met die hoorder gesoek word na die verstaan van die heilsgebeure binne die konkrete bestaan van die mens met die oog op geloofsvorming ,geloofsgroei en geloofsbelewenis tot die eer van God.***
***Spiritualiteit verwys na dit wat te doen het met die intellegensie en immateriële kant van 'n mens wat die transendente beleef. Spiritualiteit verwys na sekere houdinge en aktiwiteite wat 'n persoon doen om kontak te maak met God.***

#### 2.2.1.1. Die erediens as 'n religieuse handeling

Basisteoreties vind ek aansluiting by die homiletiese benadering wat werk met 'n sirkulêre of kommunikatiewe model (Luther 1982:62; Otto 1976:88; Vos 1996:144). Die basiese kenmerk van dié benadering is die interaksie tussen die prediker, die hoorder en die teks. In die lig van hierdie studie kan mens ook verwys na die interaksie tussen prediker, hoorder, teks en die spiritualiteit waarbinne dit afspeel. In die erediens is daar 'n sterk dialogiese karakter wat beteken dat tussen prediker, hoorder, teks en spiritualiteit 'n soeke is na God. Daarom praat ons in die lig van hierdie studie dat die erediens gesien word as 'n *religieuse handeling.*

Dit beteken dat dit 'n handeling is met 'n *religieuse* vertrekpunt, wat daarop dui dat daar van God se kant 'n aanspraak op die hoorder gemaak word. Die aanspraak is gegrond op die aanname dat God in die erediens teenwoordig is (Vos 1996:145). Deur die werking van die Gees word die prediker, hoorder, teks en spiritualiteit ingeskakel in God se werk. Dit is hierdie aanname dat God teenwoordig is wat die erediens as 'n *religieuse* handeling kwalifiseer en onderskei van ander handelinge van die mens. Sonder hierdie teologiese verankering word dit maar nog een van die mens se vele daaglikse handelinge.

Hierdie *transendente perspektief* bring Van der Ven (1993a:63) goed onder woorde wanneer hy tussen die volgende drie elemente onderskei. Dit begin by *resepsie*, waarmee bedoel word dat die mens deur God aangespreek word. Hierdie resepsie lei tot 'n *respons* waarin die mens hom van sy kant tot God rig. Dit lei weer tot 'n *reaksie* waar die mens hom tot ander mense rig en getuienis aflê van die betekenis van geloof in sy of haar lewe.

2.2.1.2. Die erediens binne twee perspektiewe

Praat ons van die erediens waarbinne 'n sekere spiritualiteit of meer as een spiritualiteit geskied, as 'n religieuse handeling, sou ek in aansluiting by Vos (1996:145), Daiber (1991:207), Den Dulk (1995:7) en Pieterse (1995:47) tussen twee perspektiewe wou onderskei. Hierdie perspektiewe kan ons onderskei, maar hulle kan nie van mekaar geskei word nie. Die eerste is 'n *hermeneutiese* perspektief en die tweede is 'n *kommunikatiewe* perspektief. Dit word vervolgens meer breedvoerig verduidelik.

2.2.1.2.1. 'n Hermeneutiese perspektief

Die erediens waarbinne die spiritualtieit(e) funksioneer as 'n religieuse handeling geskied binne 'n sekere hermeneutiese proses. Dit het te make met die gebeure waar die hoorder

vanuit sy/haar eie ervaring betrek word in die geskiedenis van die christelike oorlewering in 'n poging om die lewe binne die eie konteks te verstaan.

In die woorde van Gadamer (1975; vgl ook Thiselton 1980, 1992) het ons met verskillende horisonne te maak. Die horison van die liturg, hoorder, teks en tradisie wat beperk word deur hule eie historiese konteks. In die lig van hierdie studie is daar ook die horison van die bepaalde spiritualitietsvoorkeur by lidmate waarbinne dit moet geskied.

In die hermeneutiese perspektief speel die volgende aspekte 'n belangrike rol:

2.2.1.2.1.1 Die rol van verstaan

Sien ons die rol van die Christelike teologie as die oorlewering van die Christelike tradisie, beteken dit dat dit hoorbaar, verstaanbaar en relevant moet moet geskied. Hermeneuties gesien dui verstaan dan op die ervaring en toe-eiening van *sin* (Vos 1996:9).

As die spiritualiteit van die erediens met al sy fasette nie uiteindelik in die lewens van mense grondvat en hulle hier en nou help om sin van die lewe te maak nie, hang dit as abstrakte uitsprake in die lug.

Volgens Vos (1996:9) moet hierdie proses altyd deur 'n *kritiese komponent* begelei word. Hy skryf: "Dit beteken dat die kerk moet weet dat hy nie oor die waarheid beskik nie, maar dit steeds soek. 'n Soeke na die waarheid laat die kerk besef dat sy interpretasie altyd relatief en beperkend is."

In die hermeneutiese proses (m.a.w. in die wisselwerking tussen tradisie (Skrif) en die huidige situasie), word daar in aansluiting by Heitink (1990:207; 1993:190) drie prosesse in die verstaanproses onderskei: die verstaan (begryp), die verstaanbaar maak (verklaar) en die tot verstaan kom (toe-eien). Die eerste het te make met die verstaan van die

historiese betekenis van tekste in hulle konteks. By die tweede word gepoog om die tydafstand tussen die tradisie (Skrif) en die hede te oorbrug en die tradisie verstaanbaar te maak in die eie kultuur. In die lig van hierdie studie val die klem baie sterk op hierdie punt om dit binne 'n spiritualiteit te laat plaasvind waarbinne mense iets beleef van die heilshandeling van God met die hoorder. Gebeur laasgenoemde het ons in die derde plek te make met die ware verstaan.

2.2.1.2.1.2 Die rol van die konkrete

Müller (1993:164) skryf:
*"Die preekgebeure word toenemend gesien as 'n ekklesiale handeling wat ingebed moet word in die totale bediening en geloofslewe van die plaaslike en ekumeniese gemeenskap van die geloof"* (vgl. ook Zerfass 1989:78-79). Dit beteken dat die wisselwerking tussen die geloofsgemeenskap en die erediens waarbinne hulle sit die artikulasie en formasie van geloof ten doel het. En dit geskied volgens Müller (1993:166) deur middel van 'n nuwe ekklesiale verstaanproses wat ontwikkel word in dialoog met die Woord en daardeur nuwe handelingsmoontlikhede vir die gemeente ontsluit.

Die erediens is egter nie net 'n ekklesiale handeling nie, maar ook 'n sosiale handeling. Van Seters (1988:13-24; 1991:267-280) wys daarop dat dit eintlik nie iets nuuts is nie maar dat die bydrae vanuit die sosiale wetenskappe in die jongste tyd nuwe lig werp op die belangrike band wat daar is tussen die prediking en die sosiale konteks (kultureel, polities, en ekonomies).

2.2.1.2.2 'n Kommunikatiewe perspektief

Die erediens waarbinne die spiritualteit(e) funksioneer as 'n religieuse handeling geskied binne 'n sekere kommunikatiewe proses. Dit het te make met die gebeure waar die hoorder vanuit die evangelie oortuig moet word. Hierdie proses geskied langs die weg

van logiese, etiese en emosionele argumente, metafore, 'n sekere spiritualiteit en die rol van die retoriek beklee hier 'n sentrale plek (Den Dulk 1995:7). Volgens Pieterse (1995:54) kan die erediens nie sonder 'n behoorlike kommunikasieteorie oor die weg kom nie. Die volgende aspekte verdien verdere aandag:

2.2.1.2.2.1 Die rol van taal- en die oorredende handelinge

Die erediens vanuit 'n kommunikatiewe perspektief is 'n intensionele handeling wat beteken dat daar 'n kommunikatiewe effek uitgaan na die hoorder en tot gevolg het dat elke erediens 'n funksie het.

Die hoorder kom dus agter wat in die erediens gekommunikeer word, waarom dit gekommunikeer word en maak eie afleidings op grond van die manier waarop dit in die erediens geskied (Lemmer 1993:72). Al hierdie taal en oorredende handelinge geskied binne 'n bepaalde spiritualitiet wat verskillende hoorders op verskillende maniere laat reageer. Firet (1987:97-98) pas hierdie beginsel op die erediens toe en wys oortuigend hoedat 'n verstandhouding met die hoorder bereik word.

2.2.1.3. Die belang van die hoorder

Binne beide die kommunikatiewe en hermeneutiese perspektiewe beklee die hoorder 'n sentrale plek. Otto (1976) en Lange (1987) plaas die klem daarop dat in die erediens die prediker 'n voortdurende gespreksgenoot is van die hoorder. Daarom is die erediens meer as om net wetenswaardighede oor 'n Bybelgedeelte te vertel. Dit is om mense in die erediens in te lei in die wêreld van sien ,hoor, ruik en voel EN waar God aan die woord kom. Vanuit die erdiens moet daar iets gebeur, iets aan die gang kom in die lewens van die hoorder. Mense moet deur die erediens verander en aangeraak word (Vos 1992a:12).

Lemmer (1993:63-94) vind aansluiting by verskeie homilete wat erns maak met die hoorder in die erediens. Volgens hom is die hoorder 'n unieke mens in 'n eiesoortige konteks, maar ook deel van die gemeente. Daarom sien hy die erediens as 'n reaktiewe

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

gesprek met die hoorder via wedersydse instemming. Hierdie interaksie van die hoorder met sy belewenis van die erediens is ingebed in 'n persoonlike lewende verhouding en 'om gespreksgenoot te wees hoef jy nie noodwendig tydens die erediens verbaal te kommunikeer nie' (1993:70) Ware (1995:10) som dit as volg op:

*"… all those attitudes and activities that characterize one's attemps to make connection with Deity".*

Volgens Pieterse (1995:46) bly die homiletiese probleem steeds: 'Hoe kan ons insig en kennis op so 'n wyse uitbou dat die tuiskoms van die evangelie die hoorder die beste bereik, veral in moeilike tye waarin ons land verkeer…' *Veral in tye waar mense 'n verbruikersmentaliteit het rondom eredienste en soekend opsoek is na 'n sekere styl kan bv. die prediking van hoogstaande korrektheid wees, maar dit vind geen inslag binne sekere persone se spiritualiteitsbehoeftes nie*' (kursivering PIETER).

2.2.1.4 Geloofsvorming tot eer van God

Die erediens as hermeneutiese-kommunikatiewe religieuse handeling geskied met die oog op die geloofsvorming en geloofsgroei van die hoorder (Kellerman 1991:480; 1993:176). Deelname, betrokkenheid en 'n intieme belewenis by 'n erediens lei tot 'n beter verstaan van en insig in die God-mens verhouding en dra sodoende by tot die geloofsvorming en geloofsgroei. En waar daar geloofsgroei en geloofsvorming is, is daar ook beter begrip vir die hoorder se rol in die uiteindelike doel van alle Christen gelowiges: die eer en verheerliking van God.

Die erediens as 'n religieuse handeling, moet ook aan die hoorder verstaanbaar gekommunikeer word. Daarom moet daar dan ook aan die erediens gestalte gegee word. Dit beteken dat hierdie handeling in bepaalde vorme kan geskied om dit vir die hoorder meer hoorbaar, sigbaar en beleefbaar te maak. Hiervoor is dit nodig om aandag te gee aan die hoorders se verskillende spiritualiteitsbehoeftes om ten einde die religieuse handeling op die beste wyse oor te dra. Die keuse van in watter tipe spiritualiteit 'n

erediens gaan plaasvind, is van kardinale belang. Dit bring ons uit by die *hoe* gedeelte wat verder verduidelik sal word.

### 2.2.2. Konklusie

Met die homiletiese vertrekpunte van die navorser op die tafel, is dit nou nodig dat die basisteorie verder ontwikkel moet word. Vrae wat nou aan die orde sal kom is onder andere: Is daar verskillende Spiritualiteite in 'n erediens? Wie is ek as 'n spirituele persoon binne 'n erediens? Wat is die spirituele profiel van die gemeente se eredienste waarbinne ek my geloof uitleef? Is daar korporatiewe en individuele behoeftes rondom spiritualiteit in 'n erediens?

Onder korporatiewe behoeftes sal ons vra:

- Hoe sien ons lidmate ons eredienste?
- Wat is die spiritualiteit-tipe van die oorgrote meerderheid lidmate?
- Hoe kan ons hulle bereik in wie se spirituele behoeftes ons nie voorsien nie?
- Wat doen ons gemeente reg?
- Op watter manier verskil ons as gemeente se eredienste van ander gemeentes met 'n ander spirituele uitdrukking?

Onder individuele behoeftes sal ons vra:

- Het ek(en het elkeen) 'n spirituele self?
- Wat is my persoonlike styl van spiritualiteit?
- Hoe pas die gemeente se styl in by my persoonlike styl?
- Wat is die beste manier om my persoonlike spiritualiteit te ontwikkel?
- Hoekom is my uitdrukking van spiritualiteit anders as die van mense wat in dieselfde erediens aanbid?

## 2.3 DIE VORMGEWING VAN SPIRITUALITEIT EN SPIRITUALITEITSTIPES BINNE 'N EREDIENS

### 2.3.1 Inleiding

Het jy jou al ooit bevind in 'n erediens waarbinne jy glad nie ingepas het nie?  Almal om jou het hierdie intieme ontmoeting met die Lewende God, maar vir jou maak dit geen sin nie.  Jy verlaat die erediens en besef dat jou spirituele behoeftes geensins bevredig is nie. Aan die ander kant het jy weer verlede week in die erediens hierdie intieme belewenis van God gehad, maar jou vriende is hoegenaamd nie aangeraak soos jy deur dieselfe erediens nie.

Spiritualiteit verwys na daardie gedeelte van jou as mens wat te doen het met die intelligente en immateriële kant- die gedeelte wat die transendente kant beleef. Spiritualiteit kan ook beteken dit is daardie houdinge en aktiwiteite wat deel is van 'n bepaalde karakter om met God 'n ontmoeting te hê (Ware:1995:10).

### 2.3.1. Die Materiële dimensie van Spiritualiteit

Spiritualiteit het 'n baie belangrike materiële(wesenlike) dimensie.  Gemeenskap met God het 'n bepaalde invloed op 'n mens se lewe en vra 'n sekere aanpassing binne-in die materiële wêreld waarbinne mens leef.  Dit beteken egter nie dat almal wat gemeenskap met God geniet op dieselfe manier gevorm word nie.  Dit beteken ook dat sekere elemente wat met 'n mens gebeur definitief 'n invloed het op die vorm van 'n individu se spiritualiteit.  Ons belewenis van God is ingebed binne 'n materiële realiteit.  Sodoende kom mens agter dat daar 'n gedurige wisselwerking is tussen die gemeenskap wat jy met God beleef en die fisiese konteks waarbinne 'n persoon homself bevind.  Dit opsig self is 'n komplekse proses waarbinne jy jouself nooit kan losmaak nie.

Die doel is egter ook om bietjie te gaan kyk na sekere materiële dimensies waarbinne persone hulle spiritualiteit beleef en wat 'n invloed het op die vormgewing van 'n individu se spiritualiteit. Met verantwoordelikheid kan mens sê dat spiritualiteit kan nooit losgemaak of geïsoleer word van die materiële konteks nie. Die materiële wêreld is die rou materiaal waarbinne ons spiritualiteit uitdrukking geniet.

Een manier om bogenoemde stelling uit te druk is om te gaan kyk na verskeie tipologieë. (Holmes1980;Wainwright1986;Fowler1986;Walrath1987;Johnson1988;Hopewell 1987) Hierdie tipologieë help ons met inligting oor die materiële faktore wanneer ons praat oor die vormgewing van spiritualiteit. Elke tipologie fokus op 'n spesifieke perspektief wat om die beurt vir ons wys na die kompleksiteit van die faktore wat 'n invloed het op spiritualiteit. Spiritualiteit word beïnvloed deur die hele materiële konteks waarbinne elke mens hom bevind. Die verskillende tipologieë bring ons egter uit by vier breë kategorieë of elemente wat 'n groot impak het op spiritualiteit. Die vier breë kategorieë is: *KONTEKS, KONFESSIONELE TRADISIE, NARRATIEF en PSIGOLOGIESE SAMESTELLING.* Hierdie vier kategorieë vorm 'n groot deel van dit waarbinne spiritualiteit funksioneer in die materiële wêreld. As ons egter van 'wêreld' praat, is die nie iets apart van God af nie, maar is dit egter dit wat sy bestaan vind in God se bestaan en voorsiening.
Vir die doel van hierdie studie gaan ons slegs stilstaan by die tipologie van Urban T Holmes wat onder punt 2.3.7 meer breedvoerig bspreek sal word. Die rede hiervoor is dat daar nie genoeg plek gaan wees vir hierdie studie om ook stilte staan by ander tipologieë nie. Die ander rede is dat Holmes meer melding maak in sy tipologie van die vier materiële faktore as wat ander tiplogieë aandag daaraan gee.

Die doel van hierdie afdeling is om te bewys dat spiritualiteit beinvloed word deur materiële faktore en om te verduidelik wat die faktore is wat dit beinvloed. So 'n siening van spiritualiteit kan tenvolle rekening gee van die enorme impak van die materiële realiteite op spiritualiteit, sonder om af te sien van die gemeenskap met God as die beslissende faktor.

2.3.1.1.Konteks

*"Spirituality is never politically neutral. Like theology itself, it is contextual. Christian discipleship and prayer occur within, and are shaped and modified by, sometimes crushed and defeated by, a specific social and political environment. The assumption that the life of the spirit is shaped and modified only by the interior struggles and tumults, the turmoil and upheaval of the inner world, arises from a false dichotomy between the dimensions of human existence"* (Kenneth Leech 1987:9).

Wanneer ons praat van konteks, praat ons van die fisiese omgewing sowel as die sosiale, ekonomiese en kulturele omgewing waarbinne elke mens hom bevind. Dit het tot gevolg dat verskillende kontekse lei tot verskillende spiritualiteite.

Die gemeenskap is meer as net 'n *"neutral backcloth for the growth of the spirit"* (Leech 1987:9). Die innerlike wêreld is nie die eksklusiewe domein waarbinne die geestelike homself bevind nie. Sodoende is die innerlike wêreld nooit onbeinvloedbaar deur gebeure in 'n gemeenskap nie. Hierdie feit word al hoe duideliker wanneer die verskillende tipologieë van spiritualiteit funksioneer binne sekere verskillende kontekstuele kondisies. Vir baie lank het die meeste Christelike tradisies die voorafgaande vermy en ontken. Gnostiese tendense wat die materiële wêreld degradeer sien vandag geestelike groei as iets wat afsydig staan teenoor die materiële wêreld. In so 'n denkproses, word spiritualiteit gesien as iets binne 'n innerlike wêreld, iets wat nie aangeraak word deur sekere gebeure in die eksterne wêreld nie. Leech (1987:10) praat van hierdie siening as *"otherworldliness"* (andersheid)

Daar is ook 'n ander wyse hoe hierdie "otherworldliness"(andersheid) sy verskyning kan maak in die kerk. Ons kan nie alle verskynings van "otherworldliness"(andersheid) beskryf as 'n Gnostiese verwerping van die materiële nie. Kenneth Leech(1987:10) verklaar dat ons twee tipes "otherworldliness" kry wat kan bestaan langs mekaar met 'n ooreenstemming met die materiële wêreld, sonder enige spanning.

University of Pretoria etd – Barnard, P  (2005)

In die *eerste plek* verwys Leech na 'n "otherworldliness" (andersheid) onder die ryk, gemaksugtige klasse, waar spiritualiteit gesien word as 'n waardevolle deel van die private sektor van hulle lewe.  In hierdie geval lei "otherworldliness"(andersheid) tot die versterking van die sosio-ekonomiese en die politieke status quo.

In die *tweede plek* verwys Leech ook na "otherworldliness" (andersheid) wat gevind word by onderdrukte groepe.  Sodoende kan dit lei tot 'n bron van hoop en visie vir hierdie groepe en raak baie keer die grond vir sekere bewegings en organisasies.  Dit energeer nuwe visie en nuwe moontlikhede in mense wat onderdrukking en mislukking in hulle lewe beleef en ervaar het.

Die verskillende kontekste waarbinne hierdie groepe hulleself bevind, het radikale verskillende effekte op die manier hoe hierdie tendense funksioneer in verskillende spiritualiteite.  As gevolg van hierdie verskillende sosio-ekonomiese kontekste, lei hierdie andersheid tot verskillende leefstyle en gedrag en ook tot verskillende maniere om die wêreld te sien.

Dit is duidelik dat as gevolg van hierdie vorme van geestelike bewustheid, wat as 'n andersheid gesien word, hulle swaar beïnvloed word deur hulle sosiale konteks, en wat ook kragte ontlont wat 'n impak het op die konteks.  Dit kan geskied deur 'n bewaring of deur 'n herstrukturering van die sosiale strukture.  Nie een van hierdie groepe sal daarvan bewus wees van die beslissende impak van hulle konteks op hulle geestelike sieninge nie.  Hulle sal dink dat hulle sieninge rondom die Bybel eg en ongeinfekteerd is ('source of divine revelation').  Die uiteinde hiervan is 'n moontlikheid van manipulasie tot ideologiese doelwitte.

Die invloed van die konteks kan nooit geignoreer word nie.  Daarom moet daar kennis geneem word van hierdie kontekstuele invloede.  Daarom kan ons heelhartig met Leech (1987:10) saamstem as hy sê:

*" If we are to maintain and deepen a spirituality which is incarnational, redemptive, and oriented towards the Kingdom of God, we will need to reflect on the socio-political context in which that spirituality must be lived out."*

Hierdie verbintenis tussen spiritualiteit en konteks is so belangrik, veral as spiritualiteit sigbaar gemaak moet word. Enige manier om spiritualiteit en konteks van mekaar af te verwyder sal lei tot abstrakte wat niks te make sal hê met die koninkryk van God nie. David Lonsdale (1987:82) praat van die gevare in sekere moderne tendense om te kyk vir 'n tipe "generic spirituality" (algemene- 'n spiritualiteit vir alle gelowiges):

> *"It runs the risk of neglecting the fact that all spirituality is rooted in very particular experiences of God among individuals or groups in particular historical settings and that the historical context and experience influence the spirituality profoundly."*

Lonsdale (1987:82) vind sulke algemene pogings degraderend. Hy gaan voort deur die volgende daaroor te sê:

> *"Insofar as it is earthed in the particular experience of an individual or group, every spirituality is specific, and the search for a generic spirituality runs the risk of losing this vital root in experience and history."*

Daar is 'n wedersydse verhouding tussen spiritualiteit en konteks. Aan die een kant bied spiritualiteit 'n lens om die konteks te interpreteer en bepaal die manier hoe 'n christen homself vereenselwig binne sy konteks. Aan die ander kant help konteks ons om ons geloof te vorm. Dit kan gedoen word op 'n onskadelike manier om te kyk na sake wat geloofsspiritualiteit adresseer en die kulturele kleure wat dit ontvang. Dit kan ook gedoen word op 'n afskuwelike manier, deur ons te mislei na ontrouheid, deur ons blind te maak vir geregtigheid, deur opgeslurp te raak deur ideologieë.

Jack Caroll (1988:44) verwys hierna dat dit Christen gemeentes se geneigdheid is om op te tree soos verkleurmannetjies. Dit opsig self kan lei tot 'n seën, maar ook 'n frustrasie. Hoor Caroll se woorde:

> *"It is a blessing, because it is this rootedness in concrete communities that enables them to minister faithfully to these communities. It is a frustration when Christian communities adapt so completely to their contexts that they become*

*virtually indistinguishable from them. In this case the transcendent power of the gospel is all but lost."*

Verskeie tipologieë baseer hulle klassifikasies op die verskillende maniere waarop spiritualiteit in verband staan met konteks. Soos alreeds genoem, vir die doel van hierdie studie gaan ons nie in op die verskillende tipologieë nie, maar sal slegs stilstaan by die tipologie van Urban T Holmes (1980).

2.3.1.2. Konfessionele (belydenis) tradisie

Die term konfessionele tradisie verwys na die kumulatiewe tradisie van 'n geloof of dominasie wat bestaan uit geskrifte, simbole, mondelingse tradisies, musiek, dans, etiese leringe, teologieë, verklarings, rites, liturgieë, argitektuur, sieninge oor God, aanbiddingstyl, leierskapstyl, geskiedenis en nog baie ander elemente wat betekenis kan gee. Al hierdie dinge vorm 'n konherente geheel of eenheid, sodat een element van die tradisie lei tot die volgende element.

Richard Osmer (1992:22-27;39-67), wys daarop dat lering oor geloof 'n belangrike aspek van 'n kerk se bestaan om geloof te laat voortbestaan. Gelowiges se siening oor God het 'n invloed op die manier hoe hulle teenoor God reageer (Osmer 1992:25) Daarom is dit belangrik dat hulle konsep van God gevorm word deur definitiewe naratiewes wat gevind word in die Bybel en hulle beskrywings van God se getroue aksies in die geskiedenis (Osmer 1992:26).

By dit alles gesê moet geloof ook gevorm word deur die hiostoriese leringe van die kerk. (Osmer 1992:26). Osmer som dit as volg op:

*"This collective wisdom of the church is found in the denomination's confessions, creeds, catechisms and doctrinal statements. They serve as important secondary guides to the meaning of the biblical narratives and as summaries of their basic beliefs."*

Dit is egter logies dat baie beskrywings van spiritualiteit gesien word vanaf die perspektief van *konfessionele tradisie* wat dit dan vorm, maar spesifiek in terme van die leerstellende aspek van die tradisie. Verskeie tipologieë basseer hulle klassifikasies op die verskillende maniere waarop spiritualiteit in verband staan met konfessionele tradisie. Soos alreeds genoem, vir die doel van hierdie studie gaan ons nie in op die verskillende tipologieë nie, maar sal slegs stilstaan by die tipologie van Urban T Holmes(1980)

2.3.1.3. Narratiewe

*"To be a person is to have a story"* (William Bausch 1984:171).

*"... [A]uthentic spirituality, i.e., genuine communication with God, is never removed from the seasons, turns, and crises of life. ... Relationship with God is not immune to the surprises and costs of our daily life"* (Walter Brueggemann 1984:168).

Die mens se lewe maak sin in die lig van narratiewes (stories en verhale). As dit waar is dan bring dit ons uit by twee tipes narratiewe. In die *eerste plek* verwys ons na die persoonlike narratief wat individue bou volgens die middelpunt van hulle waardes en krag. Hulle konstrueer hierdie narratief deur verskeie gebeure te kies in hulle lewe en dit dan te rangskik binne 'n sekere konteks en samehang. Die selektering en die ordening daarvan word bepaal deur hulle verklarende sleutels. Hierdie verklarende sleutels is teregwysende gebeure, insidente en verhoudings. (Osmer 1992:114) Verandering in persoonlike identiteit ontstaan primêr wanneer belangrike veranderings binne hierdie verklarende sleutels plaasvind (Osmer 1992:116). Dit bring ons by die tweede manier van praat oor die narratiewe.

Tweedens praat ons van narratiewes as die paradigma narratiewes van buite ons direkte ervaringe wat dan om die beurt ons persoonlike narratiewe vorm. Dit voorsien nuwe en voldoende verklarende sleutels. Vir Christene voorsien die Bybelse narratiewe so 'n paradigmatiese narratief (Osmer 1992:116).

Wanneer ons persoonlike narratiewe herinterpreteer word deur die Bybelse narratiewe, dan word die Bybelse narratiewe ingeweef met ons persoonlike narratief. Die Bybelse narratief, word sodoende, ervaar as 'n narratief wat uitdrukking gee aan ons besonderse identiteit. Saam met dit, ons persoonlike narratief word nuut ontvang as 'n goddelike storie, 'n narratief waarbinne God die primêre akteur is.

'n Verskeidenheid tipologieë van spiritualiteite gebruik hierdie manier van persoonlike stories wat tussenbeide tree met spiritualiteit as die basis van hulle klassifikasie. Hier dink ons aan die tipologieë van Hopewell (1987) en Fowler (1991). Vir die doel van hierdie studie gaan ons nie stilstaan by hierdie persone se tipologieë nie.

2.3.1.4. Psigologiese samestelling

Die laaste kategorie van faktore wat spiritualiteit vorm dek ’n baie breë gebied. Met *psigologiese samestelling* wil ons aandui die geheel of totaal van ’n persoon se kenmerke wat hom anders maak as die persoon langs hom. In die geval dink ons aan kenmerke soos temperament, intellektuele vermoëns, persoonlikheidstipes, sekere maniere om besluite te neem, ens. Die skopus vir moontlikhede vir onderskeiding op hierdie gebied is legio.

Die grootste probleem wat ons op hierdie gebied sal ervaar is dat dit moeilik sal wees om sekere dinge uit te wis rondom ons eie konsep van 'lewensoriëntering' as ’n beskrywing van spiritualiet. Psigologiese samestelling verwys na die interne realiteit van ’n persoon se wese, sodoende ook spiritualiteit. Hierdie twee vormende kragte neem dieselfde spasie in. As spiritualiteit geïntegreer word in ons totale bestaan, sal dit onuitwisbaar afdruk op ons binneste realiteit. Wat dan van ons psigologiese samestelling? Word dit dan doodgevee deur ons spiritualiteit? Is dit vasgevang in ’n stryd vir die siel? Of bepaal dit dan die finale vorm van spiritualiteit?

Saam met dit alles kan ons onomwonde verklaar dat ons nie skoon teëls is waarop die Gees van God skryf nie. Verskeie aspekte van ons wese moet gesien moet word as deel van die elemente van ons lewens, wat weer georden moet word, en wat ’n onafhanklike invloed op ons spiritualiteit moet hê. Spiritualiteit word gevorm in ’n proses van interaksie met die psigologiese strukture van ’n individuele gelowige.

’n Verskeidenheid tipologieë van spiritualiteite gebruik hierdie manier van psigologiese samestelling wat tussenbeide tree met spiritualiteit as die basis van hulle klassifikasie. Hier dink ons aan die tipologieë van Fowler (1991), Holmes (1980) en Johnson (1988).

2.3.2.5. Konklusie

Spiritualiteit is ingebed in die materiële faktore van hierdie wêreld, maar word nie totaal deur hulle beheer nie. Spiritualiteit opsigself, is ’n kragtige vormende mag binne ’n bepaalde konteks, konfessionele tradisie, narratiewe en psigologiese strukture van ’n mens. Mens sal dan eerder praat van ’n wederkerige verhouding tussen hierdie faktore en spiritualiteit, maar dan ’n wederkerigheid waar prioriteit gegee word aan die vormende mag en krag van God se realiteit.

God as prioriteit, kanselleer of wis nie uit die realiteit van die sosiale en interpersoonlike kragte wat wel aanwesig is nie.  God kom in aanraking met hierdie wêreld wat nie ons materiële realiteite minimaliseer nie.  In hierdie ondersoek sien ons dit duidelik dat dit 'n stuk valsheid is om spiritualiteit te sien as iets wat bepaal word deur 'n spirituele realiteit.  Ons moet in berekening bring die totale reeks van kragte wat 'n impak het op spiritualiteit as ons dit wil verstaan as meer as net 'n oppervlakkige model.

Ons analises binne spiritualiteit dien 'n verskeidenheid van funksies:

- *Eerstens* help dit ons om te sien dat die dinamika van spiritualiteit nie iets simplisties is nie.  Dit help ons om tot die besef te kom dat daar 'n verskeidenheid van faktore is wat 'n impak op spiritualiteit het deur verskeie faktore te identifiseer soos *konteks, konfessionele tradisie, narrartiewe en psigologiese samestelling.*

  Ons besef dat hierdie vier faktore nie totaal aan die vereistes voldoen om die kompleksiteit van die situasie te adresseer nie.  Natuurlik kan ons by meer as een fatore uitkom wat spiritualiteit kan beinvloed.  Ons moet ook vir mekaar sê dat die kategorieë wat ons gebruik baie breed is.  Om byvoorbeeld 'n woord soos *konteks* te gebruik kan baie vaag en misleidend wees a.g.v. die breë en verskillende fasette se realiteite waarna dit verwys.  Dit gooi 'n klomp fenomene bymekaar soos sosiale strukture, fisiese ongewings, die ekonomiese status van 'n sekere groep ens.  Sodoende kan dieselfde gesê word oor die konfessionele tradisie, naratiewe en psigologiese samestellings.

  Vir die doel van hierdie studie hou ons by die breë lyne van spiritualiteit.  Die breë lyne sal slaag in hulle doel as hulle ons by die punt uitbring dat spiritualiteit beïnvloed word deur 'nie-spirituele' faktore en dat dit ons dwing om die kompleksiteit van die saak uit te lig.  Dit sal ons ook help met die elementêre skema van ons studieveld.  Hierdie verstaan van die dinamika van spiritualiteit beskerm ons teen 'n simplistiese of reduserende siening wat net die een kant van spiritualiteit beskryf.

- *Tweedens* wys dit daarop dat hierdie analise die feit bewys dat spiritualiteit gevorm word in 'n komplekse sisteem van interaksies.  Die vier faktore nl. *konteks, konfessionele tradisie, narrartiewe en psigologiese samestelling* is in konstante interaksie met mekaar.  Dit word onomwonde bewys dat die verskillende tipologieë waarna verwys word by meer as een plek figureer het by *konteks, konfessionele tradisie, narratiewe en psigologiese samestelling.*
  Vir die doel van hierdie studie kies ek vir Holmes (1980) wat hom skaar by drie van die vier nl. *konteks, konfessionele tradisie  en psigologiese samestelling.*

- *Derdens,* die verstaan van die wedersydse verhouding tussen spiritualiteit en die komponente waarbinne dit bestaan weerhou enige dualistiese siening van spiritualiteit. Dit bring mee dat daar nie iets kan ontwikkel soos ’n 'suiwer, onbesmette' spiritualiteit wat in totale isolasie van die wêreld bestaan nie. Die kerk kan die onbewuste medepligtige raak van die wêreld se ellende as hulle nie dit raaksien wat haar beïnvloed nie.

  Aan die ander kant kan ’n duidelike verstaan van die interaksie tussen hierdie faktore in die materiële en die spirituele wêreld lei tot ’n geloof wat nie net ferm staan as die wêreld dit wil wegwys nie, maar effektief kan wees in die transformasie van die wêreld waarbinne ons lewe. Christene en kerke wat bewus is van hierdie dinamika isoleer hulleself nooit nie, maar raak betrokke sonder om hulle identiteit te verloor. Dit kan die sout en die suurdeeg wees wat God gebruik om Sy Koninkryk te laat kom op aarde.

- *Vierdens,* ’n verstaan van die spesifiekheid waarbinne spiritualiteit geskied sal lei tot ’n beter verstaan van die konkrete spesifiekheid van die proses wat betrokke is by die spirituele vorming. Die volgende kort opmerkings op elk van die vier faktore nl. *konteks, konfessionele tradisie, narrartiewe en psigologiese samestelling* waarbinne spiritualiteit geskied sal ons ’n aanduiding gee van die rigting waarnatoe dit mag beweeg.

  Christen spiritualiteit word verbind in sy *konteks*. Dit word aktief verbind met sosiale kritiek. Dit is profeties omdat dit vir die kerk wys om nie vas te hou aan die valse sekuriteite van die wêreld nie. Dit is ook profeties om ’n alternatiewe realiteit te voorsien. Ons konteks voorsien die versoeking van akkulturasie, om te kompenseer vir die huidige soos dit is. Brueggemann (1978:13) som dit so mooi op as hy sê:

  *"We understand the prophetic task as the commission to nurture, nourish, and evoke a consciousness and perception alternative to the consciousness and perception of the dominant culture around us."*

  As ons besef dat ons ingebed is in die wêreld waarbinne ons leef, dan weerhou dit ons om wêreldontkennend te wees in ons kritiek. Ons is eerder positief verbind in en met die wêreld as die arena waar God sy doel volkome bewerk.

  Christen spiritualiteit is gewortel in ’n duidelike verstaanbare *konfessionele tradisie*. Hierdie konfessionele tradisie is ontdek en relevant, maar nie sonder kritiek nie. Aan die uiterste kant is konfessionele tradisie relevant in ’n onkritiese manier as die "manier hoe dinge nou maar is" Dit is eenvoudig die enigste en regte manier. Sodoende kom

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

mense in kontak met ander sieninge deur ander tradisies in die breë Christen tradisie. Met volwassenheid wat groei (spiritueel en psigologies) word die konfessionele tradisie gedurig omgewerk en weer ingelyf in die individu se spiritualiteit.

Die proses van die omwerking en die inkorperering van konfessionele tradisie is so essensieel opregte Christelike spiritualiteit. Hierdie proses word gedirigeer in gesprek met ander konfessionele tradisies deur aan die een kant blootgestel te word aan ’n ander tradisie en sekere aspekte by hulle te leen of aan die ander kant blootgestel te word en net meer bevestiging te verkry van ’n mens se eie tradisie deur die blootstelling te verwerp. Die versoeking van ’n konfessionele tradisie is dié van formalisme. Formalisme of eerder formaliteite word deel van ’n konfessionele tradisie sonder enige gevolge, maar ondergrawe betekenisse onder die rigiditeit van formaliteite, formules en leë rituele. Jaroslav Pelikan sê dit so mooi as hy aangehaal word deur Keck (1993:45).

*"The tradition is, unwittingly, traded for the external conventions that developed around it when we fail to distinguish between what Jaroslav Pelikan calls 'the living faith of the dead' and 'the dead faith of the living'"*

Getrouheid kan alleenlik volgehou word as ’n konfessionele tradisie gedurig omgewerk en herontdek word. Dit opsigself is ’n gemeenskaplike taak wat lei tot ’n gemeenskaplike identiteit en voorsien ondersteuning en verwysingspunte vir getroue spiritualiteite van individue wat tuiste vind binne ’n bepaalde geloofstradisie. Opregte spiritualiteit gee aandag aan hulle konfessionele tradisie en is betrokke in die gemeenskaplike taak van herbevestiging, herformulering en ontdekking van energie wat gelei het tot vorige generasies se ontwikkeling van ’n spesifieke spiritualiteit.

Dit kom al hoe duideliker na vore in studies van bepaalde gemeentes dat mense op soek is na opregte spiritualiteit wat geskied binne ’n "ancient future" fenomeen. Dit is veral die Generasie-X (verlore generasie vir die kerk) wat vra na ’n outentieke spiritualiteit. Die vraag is hoe kom mens by hierdie spiritualiteit uit? Mens kan in sportterme praat van die "sweetspot" van ’n golfer se dryfhou. Maar die "sweetspot" lê tussen die terugswaai ('ancient') en die deurswaai ('future'). As ons praat van ’n konfessionele tradisie dan lê die uitdaging juis by hierdie punt om as kerk relevant en aktueel te bly.

Christen spiritualiteit vind uitdrukking in die vorm van ′n *persoonlike narratief*. Dit word bereik op twee maniere: deur die herinterpretasie van ′n mens se persoonlike narratief in die lig van die evangelie se stories. Dit word ook bereik deur die narratiewe van die evangelie te laat weerklink met ′n mens se persoonlike ervaringe. Met ander woorde om die evangelie se storie ook jou eie storie te maak.

As ′n mens bewus is van die rol van narratiewe, verwys dit na die belangrikheid van die onderhouding van ons persoonlike identiteit en verbintenis aan God. Ons word voortdurend bedreig deur narratiewe wat buite ons geloofstradisie lê, wat in kontras staan met God se groter narratief. Die kragte van hierdie wêreld slurp ons energie en verbintenisse op deur iets te kommunikeer dat hulle naratiewe die wetgewende rol oor ons eie naratiewe het. Om aandag te gee aan ons eie narratiewe en hulle te bring onder die vormende krag van God se naratiewe, ontmasker vreemde naratiewe en versterk ons persoonlike identiteit en verbintenis aan God. Opregte Christelike spiritualiteit adresseer ons gedagtes en vind vorm en interpretasie by die naratief van God. (Osmer 1992:106-147).

Groei in Christelike spiritualiteit verskyn deur in kontak te kom met *psigologiese volwassenheid*. Spirituele integriteit is onontwarbaar bestem vir die psigologiese volwassenheid en belangrike ontwikkelingstake binne die seisoen waarin jy as individu jouself bevind. Spirituele groei kan gedemp word deur psigologiese probleme en, omgekeerd, spirituele groei kan groei in psigologiese volwassenheid fasiliteer.

′n Verstaan van die invloed van psigologiese strukture maak ons bewus van die belangrikheid van psigologiese volwassenheid vir spiritualiteit. Spiritualiteit se gedurige herrangskikking van die elemente van die lewe wysig ons Godwaarts, maar op ′n manier wat ons lei om ons skeppende potensiaal en ware menslike nauur te laat ontdek. As ons as mense regtig ernstig is oor ons bestemming om soos God te wees, sal ons nie die fout maak om die samevloeiing van ons bestemmings te sien as mense en as Christene nie. Fowler (1991:125) praat hiervan as die ontdekking van jou roeping en bestemming as mens met die formule van "finding your bliss" ′n Geloofwaardige Christen spiritualiteit is ernstig met ontwikkeling na psigologiese volwassenheid as ′n integrale deel van ons Godgegewe roeping.

Diversiteit en grense van Christelike spiritualiteit

Dit is ′n onoorkombare feit dat daar ′n wye verskeidenheid van spiritualiteitstipes is. En dit is ook nie moeilik om te verstaan hoekom dit so is nie. Individuele Chistene en verskillende groepe Christene het verskillende *kontekste, konfessionele tradisies, narrartiewes en psigologiese samestellings.* Dit is ook verstaanbaar dat al hierdie faktore op ′n manier integreer met mekaar om eindelose variëteite van tipes spiritualiteite tot gevolg te kan hê.

Daarom moet ons verstaan dat ons gekonfronteer sal word rondom diversiteit. Die groot probleem is rondom grense: As spiritualiteit deur so ′n verskeidenheid van faktore beinvloed word, en daar nog integrasie plaasvind met hierdie faktore, hoe bepaal mens dan die grense vir

Christen spiritualiteit? Waarom hou dit op om Christen spiritualiteit te wees?

Ons kan begin deur te sê dat geen enkele tipe spiritualiteit kan gesien word as normatief. Ons kan nie net een tipe spiritualiteit imponeer binne ′n ander area en kulturele konteks nie.
David Lonsdale (1987:90) is heeltmal korrek as hy sê spirituele fundamentalisme het dieselfde swakheid as Bybelse en morele fundamentalisme. Die hart van spiritualiteit is geloofsgetrouheid teenoor God. Dit opsigself kan lei tot ′n verskeidenheid van geloofsdade, afhangende van waar die mens hom op ′n gegewe oomblik bevind.

Daar is egter twee normatiewe punte wat uit die verskillende faktore te voorskyn kom, wat ons voorsien met stippellyn aanduidings vir Christen spiritualiteit. Hulle is (1) ons ervarings van God en (2) ons konfessionele tradisie. Uit (1) en (2) kom daar ongelooflike komplekse vrae wat ons verhinder om hulle op ′n simplistiese manier te laat gebruik. Die manier om duidelikheid te kry oor ons grense van spiritualiteit sal altyd op die wyse wees om die belangrikste sake te hanteer oor hoe ons konfessionele tradisie en, spesifiek, die Bybel ons toelig oor spiritualiteit en hoe God homself openbaar aan ons. Die breë Christelike kerk het genoeg insig om te verstaan watter vorme van Christen spiritualiteit kan gebruik word wat hulle kan verdedig. Ons sal goed doen deur die verskeidenheid van Christelike spiritualiteite te begryp in die lig van die kompleksiteit aangaande die misterie van God eerder as ′n defek in God se selfopenbaring.

Wanneer ons die verskillende konfessionele tradisionele vorme van Christen spiritualiteit benader vanuit dié perspektief, kan ons die waarde van elkeen gelyktydig bevestig, terwyl ons gelyktydig die relatiwiteit van elkeen erken sonder om te eindig in relativisme. Ons kan steeds vashou aan die belydenis dat God homself aan ons geopenbaar het sonder om in die behoefte te val van om elke christelike siening te omvorm na ons siening. Ons kan dit alleenlik doen as ons aanhou om God se misterieuse kant waar te neem as ′n balans teenoor die menslike geneigdheid om arrogant op te tree as gevolg van ons kennis van God.

As ons al hierdie dinge weet moet ons twee dinge terselfdertyd doen:

In die *eerste plek* moet ons ons eie geloofstradisie ken en bevestig – "our own little tradition" (Carol 1986:26). Ons benodig ′n eie geloofstradisie om ons te voorsien van ′n grondslag of basis van ons spiritualiteit.

Hierdie studie word gedoen uit ′n gereformeerde perspektief, met die klem op spiritualiteit as ′n lewe wat geleef word voor God (*coram Deo*) Ek die skrywer het grootgeword in hierdie tradisie, het God leer ken binne hierdie tradisie en het myself verdiep in die liturgiese styl van

hierdie tradisie. Daarby gesê, beperk hierdie studie hom nie net tot die gereformeerde tradisie nie, maar dien as ′n basis waaruit mens tewerk gaan.

In die *tweede plek* moet ons die waarde sien van ander konfessionele tradisies binne die "groot tradisie" (Carol 1986:26). Deur dit te doen maak ons onself oop vir waardevolle gesprekke met ander tradisies en kan dit ′n groot bydraende rol speel waar ons eie tradisie tekort skiet. Die studie van spiritualiteit kan groot baat vind as dit uitgedra word vanuit jou eie, duidelike konfessionele tradisie. Ons sal ook moet soek na "eenheid deur diversiteit", ′n eenheid wat meer is as net ′n uniformiteit, en waar elke tradisie beskermend kan wees teenoor sy waardevolle elemente (Culmann 1986:15-16). Culmann sê dit so mooi in sy eie woorde:

> *"To be sure, Protestants will remain Protestants, Catholics will remain Catholics, and Orthodox will remain Orthodox, but not for their own sake - for the sake of the community (koinonia) of all Christians willed by Christ"* (Cullmann 1986:83).

′n Ferm greep op ′n mens se eie tradisie word gesien as die norm vir konstruktiewe ekumeniese dialoog. As ′n mens leen vanaf iemand anders se tradisie, sonder om jou eie tradisie duidelik te verstaan, dan eindig mens met ′n tipe elektisisme, sonder enige duidelike volledige beginsel of, nog slegter, met ′n stilswyende ideologie as volledige beginsel.

Die verskillende konfessionele tradisies het ′n belangrike rol om te speel teenoor mekaar. Elkeen is ′n beskermer van ′n belangrike deel van ′n baie groter geloofstradisie. Holmes (1980:5) praat in sy tipologie van ′n "circle of sensibility"- ′n sirkel wat die grense verteenwoordig van ′n gesonde spiritualiteit. Hierdie grense hou die verskillende spiritualiteite in aanraking met mekaar, sodat hulle mekaar se sterk punte kan uitlig en ook korrigerend kan wees tenoor mekaar se eensydigheid. ′n Oop dialoog tussen die verskillende konfessionele tradisies sal baie doen om ons almal binne die grense te hou van Christen spiritualiteit as ons nuwe uitdagings en situasies in die gesig staar.

### 2.3.3. ′n Model vir spiritualiteit

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

Spiritualiteit kan alleenlik waargeneem word as dit voorgestel word binne ′n konkrete daad. Hierdie dade kan alles beskryf word in terme van verhoudings. Ons verwys na drie basiese verhoudings om die dade op te som waarbinne spiritualiteit konkrete vorm aanneem in die materiële wêreld. Hulle is as volg:

- *Verhouding tot God*
- *Verhouding met die ander*
- *Verhouding met die skepping*

Fowler (1981:16) verwys na die punt dat geloof altyd ′n verbondmakende patroon het. Dit vind altyd uitdrukking en word altyd oorgedra binne verhoudings. (Fowler 1981:18). Ouers bring die manier hoe hulle die wêreld sien en om in die wêreld te wees, in hulle verhoudings van omgee vir en koester van hulle kind. Hulle bring die middelpunt van hulle waardes en mag, wat betekenis gee aan hulle lewe, in die spel. Dit beteken dat die patroon van interaksie tussen kind en ouer van die begin af ′n drietal(triad) is (Fowler 1981:17).

Hierdie drietal, bestaande uit ′n kind en sy of haar ouers is die oorspronklike geloofsdrietal waarbinne mens jouself bevind. Die res van ′n mens se lewe word bepaal deur sulke drietalle. Fowler (1981:18-19) som dit mooi op as hy sê:

*"[W]e are members of many different faith-relational triads. In each of the roles we play, in each significant relationship we have with others, in each institution of which we are part, we are linked to others in shared trusts and loyalties to centers of value and power"*

Ons het nou ′n drietal wat bestaan uit *God, die individu en die ander.*

Maar daar kom nog ′n ander element by nl. die groeiende bekommernis rondom omgewingsbewustheid by Christene. Dit bring ons by die punt dat mens se verhouding met die skepping meer is as net ′n periferie saak. Daar is ′n verhoudingsdimensie tot ′n mens se oriëntasie teenoor die skepping wat geinkorporeer moet word vir die verstaan van spiritualiteit.

2.3.4.1. Verhouding met God

′n Mens se verhouding met God is die primêre en belangrikste verhouding om ons te help met die vorming en ontwikkeling van spiritualiteit. Die verhoudinge met God binne die drietal word gesien as die belangrikste verhouding as ons praat van Christelike spiritualiteit. Fowler (1981:18) som dit as volg op:

> *"Our commitments and trusts [to centres of value and power] shape our identities. They determine (and are determined by) the communities we join. In a real sense, we become part of that which we love and trust. 'Where your treasure is, there will your heart be also'"*

Maar hierdie sogenaamde verhewe verhouding met God is nie so maklik as wat ons altyd dink nie. Ons is lede van verskillende geloofsverhouding-drietalle, elkeen met sy eie gedeelde middelpunt van waardes en mag. En hierdie waardes en mag het selde ′n gedeelde stuk wat geen gemene deler besit nie. Ons identiteit en geloof moet hierdie diverse rolle, kontekste en betekenisse integreer binne een geïntegreerde geheel (Fowler 1981:19).

Fowler (1981:19-23) beskryf drie moontlike maniere om die verskillende middelpunte van waardes en krag binne-in die verskillende drietalle. Hier volg ′n baie kort opsomming van die drie moontlike maniere.

Die eerste opsie is die *politeïstiese* patroon waar die individu baie waarde heg aan minder belangrike gedeeltes van waarde en mag, maar tekort skiet met betrekking tot ′n geïntegreerde perspektief. Hierdie patroon kan skuif as daar by die individu ′n gedurige verandering van belangstelling en verbintenis is vanaf een middelpunt van waarde en krag na ′n ander. Fowler (1981:20) verwys daarna dat ons as mense meer politeïsties is as wat ons dink is ons, veral in ′n verbruikerssamelewing met ′n oorheersende mite van dat jy alles moet ervaar wat jy begeer en om alles te kan besit.

Die tweede moontlikheid is die *henoteïstiese* patroon waarin ′n individu belê in ′n enkel, maar onvanpasbare middelpunt van waarde en krag. Fowler (1981:20) beskryf dit waar iemand ′n afgod maak van iets wat nie in werklikheid belangrik is nie. Dit kan enige iets wees vanaf jou werk, seks, geld en ook meer edel dinge soos volke, kerke, universiteite, politieke partye, filosofieë en ideologiese bewegings.

Die derde moontlikheid is radikale *monoteïsme*. Fowler (1981:23) praat hiervan as ′n tipe van geloofsidentiteit verhouding waarbinne ′n persoon of groep sy vertroue en lojaliteit fokus tot ′n transendente middelpunt van waarde en krag. Dit is nie ′n bewustelike verlenging of persoonlike of groepsego nie, ook nie ′n beperkende oorsaak of institusie nie. Hierdie tipe monoteïsme veronderstel lojaliteit met betrekking tot die *beginsel van om te wees* en ook tot die *bron en middelpunt van alle waarde en krag.*

2.3.4.2. Verhouding met die ander

Vir die doel van hierdie ondersoek hoef ons egter net ′n paar opmerking te maak rondom die *verhouding met die ander*. Ons lewe binne God se wêreld. Omdat God ons finale verwysingspunt is, sal ons alle ander verhouding in die lig van ons verhouding met God sien. God se karakter, die manier hoe Hy met ons as individue werk, raak die norm van hoe ons sal optree teenoor ander mense. God se karakter kom na ons toe deur Sy dade van geregtigheid en omgee. Ons standaarde as gelowiges word dan volgens hierdie dade bepaal. As ons met ander mense reageer op die manier hoe ons in verhouding tot God staan, sal daar iets afgedwing word op die ander van billikhied.

Uit dit kom ook die verklaring van die innerlike dinamika van die gemeenskap van gelowiges. (*koinonia*) Die verskil in vriendskap tussen iemand wat hom bevind tussen die gemeenskap van gelowiges met iemand wat glad nie deel wil wees van gelowiges nie, lê in die keuses van wat die middelpunt van hulle waardes en mag is. Natuurlik sal daar ′n baie groter ooreenstemming wees tussen hulle wat vriendskappe het binne-in die gemeenskap van gelowiges as gevolg van dieselfde eskatologiese verwysingspunt.

Natuurlik kan daar vrienskappe wees tussen gelowiges en nie-gelowiges. Daar móét vrienskappe wees tussen gelowiges en nie-gelowiges. Paulus beskryf dit so mooi in 1 Korintiërs 9:20 'Vir die Jode het ek ′n Jood geword…" Lewis (1960:63) sê dat vriendskap is altyd *oor iets*. Christene se lewe is ook gevul met belangstellings en passies wat hulle deel met mense wat nie noodwendig dieselfe erns rondom God met hulle deel nie. Fowler (1981:23) gaan verder deur te sê dat ons verhouding met God as gelowiges wat die hoogste gesag in ons lewens dra nie, verwag dat ons moet onttrek van mense wat nie dieselfe eskatologiese verwysingspunt as ons deel nie.

As gelowige Christene kan ons verskillend wees in belangstellings, maar deel dieselfde middelpunt van waardes en krag. Dit het tot gevolg dat daar ′n samekoms is tussen hoe hulle siening van die lewe is wat veroorsaak dat daar ′n intieme verbintenis bestaan. ′n Gesonde geloofsgemeenskap sal ′n veel dieper verhouding fasiliteer as ′n gemengde groep van verskillende oriënteringe soos byvoorbeeld ′n rugbyklub.

2.3.4.3. Verhouding met die Skepping.

Die woord skepping word bo die woord 'natuur' gekies omdat skepping impliseer dat daar ′n verhouding bestaan tussen God en die fisiese wêreld waarin ons leef. Donal Dorr (1990:12-14) sê dat die verbintenis met die skepping en die omgee vir die ander en ook die verhouding tussen God en die skepping moet nooit misgekyk word nie. Solidariteit met ander mense en om bewus te wees dat God vir jou omgee, lei tot omgee en verantwoordelikheid met betrekking tot die skepping. Ook die omgekeerde is waar dat omgee vir die skepping lei daartoe dat daar meer beskermend opgetree word teenoor natuurbronne vir toekomstige generasies en veral vir die armes. Sodoende kom mens in aanraking met die onbesmette natuur wat daartoe lei dat ek God daarin sien en besef dat die wêreld nie net om my as individu draai nie (Dorr 1990:23).

Die literatuur rondom die onderwerp van ′n Chrsien se siening oor die skepping is oneindig. Daarom moet ons besef dat as ons oor spiritualiteit praat kan ons nie anders as om ook oor ons verhouding tot die skepping te praat nie.

2.3.4.4. ′n Netwerk van interaksie.

Nie een van hierdie verhoudinge nl. God, ander en skepping kan geisoleer raak van mekaar nie. Sodoende kan jy ook nie jou eie verhouding(e) losmaak van hierdie verhoudinge nie. Ook kan jy nie na hierdie verhoudinge kyk as jy nie verwys na dit waarbinne spiritualiteit ontwikkel nie. Dit het tot gevolg dat mens gekonfronteer word met ′n komplekse netwerk van interaksie wat nie kan lei tot simplistiese formules nie. Kom ons kyk kortliks na die kompleksiteit van hierdie interaksie van netwerke:

Die verhouding met God, ander en skepping verteenwoordig die *buitenste realiteit* van spiritualiteit. In hierdie verhoudinge dien God vir gelowiges as die fondament verhouding.

Die *innerlike realiteit* van spiritualiteit is die lewensoriëntasie van ′n individu wat riging gee aan die betrokke individu se lewensuitkyk. Hierdie lewensuitkyk is die lens wat vorm en kleur gee waardeur hierdie individu sy verhouding met God, ander en die skepping sien. Hierdie lens is nooit iets staties nie, maar verander gedurig soos wat dit iets opmerk. Die interaksies waarin ′n persoon betrokke is gee kleur en vorm aan sy of haar lens. Dit is veral waar as daar interaksie met God is.

Mens moet ook bewus wees van die verhouding tussen spiritualiteit en dit waarbinne die spiritualiteit plaasvind. Spiritualiteit opsigself, produseer en gee vorm aan sy eie kweekvorm. Die eerste voorbeeld hiervan is die wedersydse verhouding tussen spiritualiteit en konteks.

Konteks speel ′n belangrike rol om die lewensuitkyk van ′n individu te vorm. Natuurlik word ′n individu se lewensuitkyk nie net bepaal deur *konteks* nie, want konteks kan geinterpreteer word op verskillende maniere. Dit kan geskied deur proaktief of reaktief op te tree. Dieselfde konteks kan ′n verskillende uitwerking hê op verskillende individue. Alles hang af van die individu se perspektief op realteit.

Uit hierdie perspektief oor die realiteit van God, word ′n *konfessionele tradisie* gevorm. Die konfessionele tradisie vind sy fisiese uitdrukking in die geskrewe vorme van tradisie, sosiale norme, liturgieë, simbole, geboue ens. Sodoende kan hierdie konfessionele tradisie op verskillende maniere geïnterpreteer word. Konfessionele tradisie is selde ondubbelsinnig. Daar word voorsiening gemaak vir diversiteit in terme van ′n gemeenskaplike lewensuitkyk.

Deur individue se interaksie met God, ander, die skepping, konteks en konfessionele tradisie, neem ′n *narratief* vorm aan. ′n Narratief is veel meer as net ′n paar gebeure in ′n individu se lewe. Dit is veel eerder ′n interpretasie en rangskikking van ′n seleksie van gebeure in ′n persoon se lewe volgens ′n bepaalde norm of beginsel. Hierdie rangskikking van die verskillende komponente geskied alles volgens ′n persoon se middelpunt van waardes en krag. As Christen is die middelpunt van jou waardes en krag God. Hierdie motief is geïnkorporeer in die lewensuitkyk van die individu.

Soos die verhouding tussen konteks en konfessionele tradisie, is die verhouding tussen lewensuitkyk en narratief ook wedersyds. Die storie van ′n individu se lewe word beïnvloed deur ′n bepaalde lewensuitkyk. Maar die teenoorgestelde is ook waar. Onvoorsiene gebeure en intriges lei tot totaal nuwe perspektiewe. Dit het tot gevolg dat daar sekere afwyking plaasvind met betrekking tot ′n individu se lewensuitkyk. Die individu het dan die keuse om die gebeure te onderdruk deur te volhard met die betrokke lewensuitkyk of om die leidende motief en lewensuitkyk te verwyder en aan te pas. Dit het tot gevolg dat die narratief herinterpreteer word. Duidelik sien mens beweging in beide rigtinge.
Die laaste faktor wat ′n invloed het op die innerlike realiteit van spiritualiteit is die *psigologiese samestelling* van die individu. Mens hoef nie ver te gaan soek om die berg van materiaal te ontdek rondom die menslike persoonlikheid-psigologie nie. (Myers en Briggs, MBTI, DISC, 16PF ens) Daar is ′n groeiende konsensus dat ons kan praat van ′n basiese persoonlikheidsprofiel wat ons om die beurt help om sy of haar aksies redelik akkuraat te bepaal. Hierdie persoonlikheidsprofiele is die resultaat van ′n intrigerende tussenspel tussen sosio-fisiese faktore en oorerflikheid. Natuurlik kan iemand se spiritualiteit sekere aspekte herskep van ′n individu se karakter. Natuurlik bestaan daar so iets soos ′n karakter persoonlikheid struktuur, maar spiritualiteit sal dit beïnvloed op verskillende maniere. Sodoende kom ons weer tot die gevolgtrekking dat daar ′n wedersydse verhouding is tussen

lewensuitkyk en die psigologiese samestelling van ′n individu.  Spiritualiteit word beinvloed deur persoonlikheidstrukture en persoonlikheidstrukture word beinvloed deur spiritualiteit.

Om saam te vat kom ons agter dat ′n geïntegreerde siening van spiritualiteit ′n komplekse karakter kan aanneem.  Dit bring ons uit by ′n verskeidenheid van konneksies en wedersydse verhoudinge.  Hiermee wil ons verklaar dat ′n studie van spiritualiteit wat nie erkenning gee aan die bestaan van die kompleksiteit van die netwerk van interaksie nie, homself oopstel vir verkeerde opvattinge.

2.3.4.   Die Spirituele en die materiële:  'n oorbrugging tussen die twee uiterstes

Christen spiritualiteit vind sy bron in die bestaan van God, die Verhewe Wese, die bron van alles, die Een met wie niks vergelyk kan word nie.  Spiritualiteit bestaan daarin wanneer die mens die bestaan van hierdie God opmerk en daarmee saamleef as die sleutel om die heelal te verstaan en die manier hoe om met die fisiese realiteit om te gaan (Erickson 1991:525).

Maar spiritualiteit bestaan binne 'n netwerk van interaksies met persone, die skepping en 'n kompleks van uiterlike en innerlike realiteite.  Die spirituele bestaan nooit apart vanaf die materiële realtiteit nie.

Die feit dat Christen spiritualiteit sy fokus op God het, 'n fokus wat 'n transendente realteit as beginpunt het, maak dit dit vatbaar vir 'n anderwêreldsheid vanaf die buitekant. Wanneer dit egter kontak verloor met die realiteit van God, dan vloei dit vinnig uit in verskeie vorme van materialisme en gedeeltelike sekularisasie.  Beide hierdie sieninge is afwykings van hoe die Bybel die verhouding sien tussen die materiële en die spirituele. 'n Siening van spiritualiteit wat gebaseer is op die Bybelse openbaring sal die materiële en die spirituele in ag moet neem op 'n manier wat hulle nie van mekaar skei nie.  Dit moet egter beide sekularistiese en spiritualistiese tendense verhoed.


2.3.6.   Urban T Holmes

Urban T Holmes (1980) het 'n tipologie van spiritualiteit ontwikkel wat omskryf is deur die meer populêre weergawe en formaat van Corinne Ware (1995). Hierdie tipologie plaas langs mekaar twee belangrike faktore van spiritualiteit, nl. die manier hoe 'n persoon (of groep) omgaan *om te weet* en die manier hoe 'n persoon (of groep) *God konseptualiseer*- d.i.. 'n antropologiese dimensie of 'n teologiese dimensie. Hy demonstreer 'n verhouding tussen die verskillende style van godsdienstige aksie en spesifieke tye in geskiedenis, afhangende van die omstandighede (*konteks*) gedurende daardie tye.

Die eerste (vertikale) as in sy tipologie word genome die *antropologiese dimensie* en besit 'n spekulatiewe en 'n affektiewe pool. Die *spekulatiewe pool* verteenwoordig 'n styl van om te weet wat werk deur die logiese en versamelde feite te beklemtoon (Ware 1995:31). Die *affektiewe pool* verteenwoordig 'n styl van om te weet deur klem te lê op instink en die intuïtiewe gevoelens.
Die antropologiese dimensie val onder die kategorie van die psigologiese samestelling. Mens kan ook die punt maak deur te wys dat spesifieke gebruike van verskillende geloofstradisies is ontvanklik teenoor een of die ander van die twee pole.

Die tweede (horisontale) as word genoem die doktrine (lering) van God dimensie en het 'n apofatiese en 'n katafatiese pool. Die apofatiese pool verteenwoordig 'n manier om God te konseptualiseer op 'n nie-konkretiserende manier, as 'n misterie (Ware 1995:32). Die katafatiese pool verteenwoordig 'n manier om God te konseptualiseer as geopenbaard en wetend. Hierdie dimensie, meer as enigiets anders, is 'n refleksie van die konfessionele tradisie van 'n individu.

Holmes verduidelik sy tipologie aan die hand van die volgende diagram (Holmes 1980:4)




Holmes impliseer dat al vier pole kan verbind word aan 'n bepaalde historiese omstandigheid- *konteks* (Holmes 1980:8-11).

- *Katafatiese vorme van spiritualiteit* leen hom daartoe om te verskyn gedurende tye van sekuriteit en stabiliteit
- *Apofatiese vorme van spiritualiteit* korreleer met tye waar sosiale instellings inmekaargestort het.  Onsekerheid en insekuriteit karakteriseer hierdie tye.
- *Spekulatiewe spiritualiteit* is heersend in tye ingegiet deur 'n gevoel van mag en politieke voorspelbaarheid.
- *Affektiewe spiritualiteit* kom tevoorskyn in tye waarin daar minder grense en rolle is.

Holmes verwys na sekere tye waar die vier stelle van kondisies voorafgegaan het in sy teorie.  Dit het daartoe gelei dat sekere tipes spiritualiteite die oorhand gekry het.  Om egter die verskillende tye of periodes te karakteriseer onder verskillende sambreel-terme,

moet 'n mens 'n groot deel veralgemeen. Alle tye of periodes in die geskiedenis is gewoonlik 'n mengsel van al vier kondisies, afhangende van die ligging en die sosio-ekonomiese groep waarbinne jy jouself bevind. Daar is egter dominante metodes van bewustheid in elke era wat bydraend is vir verskillende dominerende tipes spiritualiteite. Natuurlik is daar ook altyd die uitsondering op die reël.

Holmes se model is meer as genoeg om die vorme van spiritualiteit in verskillende kontekste te verstaan. In elkeen van die periodes of tye in die geskiedenis waarna hy verwys, het verskillende onderskeidende fisiese kontekste tot gevolg, waarbinne mense geleef het. Sy analise maak dit vir ons verstaanbaaar dat spiritualiteit beinvloed word deur kontekstuele faktore soos bestendige sosiale institusies, 'n gevoel van voorspelbare mag in 'n sosiale groep, politieke voorspelbaarheid en die duidelikheid van rolle. Natuurlik is hierdie faktore ook afhanklik van jou sosio-ekonomiese status en fisiese omgewing. Daarom sal ons tevrede wees dat die tipes van spiritualiteit in Holmes se model, veel eerder die resultaat is van die oorheersende kontekstuele omstandighede van 'n sekere era.

Holmes beskryf nie net die vorm van spiritualteit aan die hand van die konteks nie, maar sy apofatiese-katafatiese skaal beskryf ook die *konfessionele* neiging of oorhelling. Holmes werk nie met die volle spektrum wat ons verstaan as die konfessionele tradisie nie, maar alleenlik op 'n manier hoe ons God verstaan. Holmes se 'apofatiese-katafatiese' skaal plot die verstaan van God op die twee pole wat God sien as 'n misterie (transendent) en God as geopenbaar (immanent). Die apofatiese kant van die skaal sien God deur maniere van leë tegnieke van meditasie, terwyl die katafatiese kant van die skaal God sien as verbeeldingryke tegnieke van meditasie (Holmes 1980:4). Ons kan met veiligheid veronderstel dat die tegnieke van meditasie (van aanbidding) word grootliks bepaal deur die spesifieke geloofstradisie waarbinne 'n individu homself bevind.

Seker konfessionele tradisies waaronder die Gereformeerdes tel, het 'n definitiewe oorhelling na die *katafatiese*. Daar word primêr oor God gepraat in terme van Sy immanensie en Hy word hoofsaaklik ervaar as geopenbaar. Die konfessionele tradisie

gee voorkeur aan 'n styl van aanbidding wat sterk daartoe oorhel tot die verklaring van die Bybel in die diens. In hulle liedere is daardie duidelike verklarings oor God. Hulle styl van bid is hoogs verbaal en konkreet en die manier hoe hulle tradisie uitleef is deur konsepte en logiese konstruksies in kategismus en teologie.

Ander tradisies soos die Ortodokse kerke kan weer geplaas word op die *apofatiese* pool. Hulle tradisie word gedra deur liturgieë en simbole. Hulle styl van aanbidding word gekenmerk deur rituele en stiltes met 'n peinsende styl van sing. Hierdie kerke moedig 'n oordenkende styl van aanbidding aan.


Die karaktertrekke van 'n spesifieke konfessionele tradisie mag hulle oorsprong gevind het in 'n sekere historiese tydperk, maar is geneig om geïnstitusionaliseerd te raak en oordraagbaar te wees na 'n nuwe generasie in verskillende historiese milieus. Die spesifieke band met die historiese milieu is verlore en die tipe spiritualiteit word eerder gesien in sameloop met die konfessionele tradisie of 'n spesifieke denominasie. Navolgers van 'n spesifieke konfessionele tradisie verkies nie meer 'n apofatiese of katafatiese styl van aanbidding nie as gevolg van historiese omstandighede. Hulle doen dit eerder as gevolg van die sterk punte van hulle denominasie se onderskrywing en as gevolg van hul inkulturasie in 'n spesifieke styl van aanbidding.

Holmes bring ook sy tipolgie in verband met 'n individu se *psigologiese samestelling*. Sy tipologie het 'n eksplisiete antropologiese dimensie. Die vertikale as van sy tipologie (die spekulatiewe/affektiewe skaal) is gebaseer op die vraag of die styl van aanbidding die verligting van die gedagtes (spekulatiewe) of die hart (affektiewe) versterk. Die keuse van styl van aanbidding reflekteer verskillende maniere wat individue verkies om observasies te maak en inligting te versamel (Holmes 1980:4). Ons neem dan hierdie verwysingspunt as 'n uitdrukking van die psigologiese samestelling van 'n spesifieke individu. Hierdie as maak 'n onderskeiding tussen persone wie se psigologiese samestelling hulle vatbaar maak vir emosionele of intuïtiewe maniere. Ook sodoende om aan die een kant observasies te maak en interaksie te hê met hul konteks en ook persone wat dit eerder verkies om dit te doen aan die hand van die rasionele.

Die noukeurige deurwerk van Holmes se skema in Ware (1995) en Westerhoff (1994:53-63) maak die antropologiese dimensie van die tipologie nog duideliker.  Beide kan verbind word aan die tipologie met die bekende Myers-Briggs persoonlikheidsuitvindsel.

Corinne Ware (1995:32-33) verwys na die Myers-Briggs uitvindsel, maar is baie versigtig om te veel te maak van 'n moontlike verbinding tussen Holmes se teorie en Myers-Briggs.  Ware sien wel ooreenkomste tussen Holmes se vertikale spekulatiewe-affektiewe as en die "thinking-feeling" (T-F) funksie in die Myers-Briggs uitvindsel.  Ware verwys ook na sekere paralelle tussen Myers-Briggs "intuitive-sensory" (N-S) voorkeure en Holmes se apofatiese-katafatiese as.  Maar Ware is versigtig om uit te wys dat die ooreenkoms is, op sy beste, tingerig en yl.  Sy beperk haar gebruik van die Myers-Briggs uitvindsel se funksies net tot die vier wat ons reeds genoem het.

Westerhoff beperk ook sy gebruik van Myers-Briggs uitvindsel tot die vier funksies wat Ware gebruik.  Maar Westerhoff is baie meer positief oor hoe hierdie funksies en Holmes se tipologie bymekaar kan pas.  Hy vind pogings om groot kombinasies van Myers-Briggs te laat skakel met die vier kwadrante van Holmes se tipologie as onbevredigend.  Hy keer terug na die noukeurige ondersoek van Carl Jung se werk, op wie Myers en Briggs hulle teorie gebaseer het.  Hy vind egter dat Jung slegs na die sterker van die twee middel karaktertrekke (Sensate-iNtuitive en Thinking-Feeling) gekyk het, om 'n betekenisvolle indikator te wees van gedrag.  Volgens hierdie insig dui hy slegs vier kategorieë aan: T (Thinking), S (Sensate), N (iNtuitive) en F (Feeling).  Hy vind elkeen van hierdie kategorieë die dominante trek of eienskap van 'n persoon in elkeen van die vier kwadrante van Holmes se tipologie: spekulatief-apofaties = T; spekulatief-katafaties = S; affektief-apofaties = N;  affektief-katafaties = F (Westerhoff 1994:61).  Hy omskryf dit met die volgende diagram:



Holmes se tipologie gee vir ons 'n duidelike aanduidings hoe spiritualiteit beïnvloed word deur elemente in die psigologiese samestelling van 'n individu. Natuurlik verwys hy na 'n klein, maar baie belangrike deel, van die psigologiese samestelling van 'n individu nl. die rasionele en emosionele/intuïtiewe aspekte van die menslike natuur. In die lig hiervan kan ons veronderstel dat dieselfde patroon van invloed bestaan tussen die vorm van spiritualiteit en ander aspekte van die menslike psige.

2.3.7. VIER TIPES SPIRITUALITEITE

Holmes (1980:3-7) verwys na verskillende tipes spiritualiteite wat bedoel dat daar meer as een wyse van aanbidding is as 'n middel om God te ontmoet. Hy gaan verder en ontdek 'n bepaalde tipologie van spiritualiteit. As deel hiervan ontdek hy dat 'n bepaalde persoon 'n sekere voorkeur het met betrekking tot 'n sekere tipe spiritualiteit, maar dat daar ook ander tipes spiritualiteitsbehoeftes aanwesig is by die betrokke individu.

Vir die doel van hierdie studie gaan ons stilstaan by vier verskillende tipes spiritualiteite (Ware 1995:37-44).

2.3.8.1. 'n Kopspiritualiteit

Hierdie spiritualiteit-tipe is die intelektuele "denkende" tipe wat voorkeur geniet op grond dit wat gesien, geraak en veronderstel word. Hierdie konkrete tipe kan teologies uitgedruk word in konsepte soos God as Vader en/of Moeder. Vir die Joodse geloof sou dit konkretiseer in die Torah. Die vraag is wat laat die hoorder wat na hierdie tipe spiritualiteitsvoorkeur smag, ontwaak ? Hulle keuse sal gebaseer wees op aktiwiteit en om in 'n korporatiewe groep saam te verkeer. Sulke aktiwiteite sal insluit meer Bybelstudies, beter gehalte preke, teologiese vernuwing binne die bestaande gemeenskap. Die hoorder wat hom binne hierdie spiritualiteitstipe bevind sal dit ondersteun wat bydraend is tot sy persoonlike roeping in die lewe. Hulle daaglikse lewe is 'n absolute realiteit.

Ware (1995:38) som dit baie mooi op:

*"This style produces theological reflection and crafts position papers on ethical issues. It supports education and publications and causes us to examine the texts of our hymns to see if we are singing what we actually believe. Content is primary with this group, as is systematic congruence of thought and believe"*

Waar dit vir die ander Spiritualiteit-tipes om die ervaring gaan, gaan dit vir die Kop Spiritualiteit oor die realiteit en om die realiteit op die naam te kan noem. As iets gedoen word, vind dit deeglik plaas en binne 'n sekere orde.

Die hoorder in die erediens wat sy voorkeur geniet rondom die kopspiritualiteit vind sy leiding binne die Bybel en die preek. Die klem lê hier veral op *woorde.* Lees, joernalisering en spesifieke meditasie met 'n definitiewe fokus sal tot vrug wees binne hierdie tipe. Gebed binne hierdie tipe is woordgebaseer, en teologiese besprekings kom gemaklik na vore. Holmes noem dit *rasionalisme.*

*"It is an overintellectualization of one's spiritual life with a cosequent loss of feeling, often perceived as dogmatic and dry"* Holmes (1978:75).

2.3.8.2. 'n Hartspiritualiteit

Ware (1995:39) som dit mooi op as hy praat oor die hartspiritualiteit.

*"This is not a head trip spirituality; it is all heart- combined with the concrete, real life stuff. Here theology still emphasizes the anthropomorphic representation of God and the centrality of scripture, but this is now combined with a more affective, charismatic spirituality whose aim is to achieve holiness of life. The transformational goal is that of personal renewal"*

Die interessante verskynsel wêreldwyd is dat kerke wat fokus op hierdie tipe spiritualiteit, weg vanaf die kopspiritualiteit 'n groei in getalle beleef. Die konklusie is duidelik dat die hoorders in die erediens 'n groter behoefte het na die affektiewe *"… for an emotionally moving experience more in touch with feeling"* Ware (1995:39).

Sekere voorkeure by hierdie tipe spiritualiteit sluit in evangelisasie, gedeelde en eersterangse ervarings, transformasie en veranderings, getuienisse en musiek. Teologies praat ons van 'n ervaring van die immanensie van God wat sterker is as die transendensie van God. Om aan te sluit by Ware (1995:39) is dit hartspiritualiteit mense wat God hier en nou beleef as 'n realiteit.

Woorde speel 'n belangrike rol, maar word minder formeel gebruik as by die hartspiritualiteit. Gebede sal byvoorbeeld spontaan uit die hart plaasvind. Hoorders wat in 'n erediens sit wat die hartspiritualiteit as voorkeur geniet sal dit verkies vir 'n geleentheid in die erediens om oor jou geloof in God te getuig. Getuienisse en proklamasie is so belangrik vir die hartspiritualiteit dat hulle baie die massamedia gebruik om te kommunikeer soos T.V., radio en ook hulle eie nasionale en wêreldwye medianetwerke. Deur hierdie manier van uitdrukking kommunikeer hulle warmte, energie, en vryheid.

Die hart spiritualiteitstipe binne 'n erediens funksioneer die beste binne 'n los, ongestruktureerde dissipline. In baie gevalle het die hart spiritualiteit persoon toestemming nodig om sy kwaad, terleurstellings, twyfel te erken en om te besef dat hulle

nie altyd perfek en ideaal kan wees nie. In baie gevalle sien hulle God as die een wat hulle wil straf eerder as die een wat in alles saam met hulle is. Die hartspiritualiteitstipe is vreeslik op hulle eie persoonlike ervaringe gefokus, en moet leer om ook deur die ervarings van ander mense verryk te word.

Holmes (1980:3-7) omsluit die hartspiritualiteit met die volgende omskrywing.

*"I calls the excess of this group "pietism." The focus can become to exclusive, resulting in an "it's us against the world" mentality that does not acknowledge the experiences of others, especially if it differs in any way from a heart spirituality. A heart spirituality is sometimes disdained for being too emotional and for believing that an affective experience must be duplicated in others if the experience of these others is to count as valid. These people may be viewed as anti-intellectual if their exclusivity results in being closed to the risk of new thoughts"*

2.3.8.3. 'n Mistiekspiritualiteit

By die mistiekspiritualiteit val die klem nog steeds op die ervaringselement, maar daar word beweeg na die meer apofatiese(mistieke) bewustheid. By hierdie tipe hoorder in 'n erediens, is *hoor by God*, baie meer belangrik as die *praat met God.* Die doel van hierdie tipe spiritualiteit is *eenheid met die Heilige* en al word dit nooit volkome bereik nie, is die voordurende poging om dit te kan bereik, volkome bevredigend. Die klem val baie meer op die reis "the journey" as om die bestemming te bereik met God. Hoorders wat hierdie spiritualiteitsvoorkeur geniet word baie meer aangetrek deur 'n meditatiewe, introspektiewe, intuïtiewe styl. Hulle fokus op 'n innerlike wêreld wat so 'n werklikheid vir hulle is net soos wat die uiterlike wêreld is (Ware 1995:41).

Ware (1995:41) gaan verder deur die mistiekspiritualiteit te beskryf :

*"Instead of a God who possesses characteristicks similar to human ones, God is ineffable, unnameable, and more vast than any known category"*

God se woorde aan Moses "EK IS WAT EK IS" (Eksodus 3:14), maak heeltemal sin vir die hoorder in 'n erediens wat 'n mistieke voorkeur geniet.

Die mistieke hoorder geniet voorkeur aan 'n lewe wat gekenmerk word met stilte en afsondering. Vir hulle gaan dit om volle aandag te gee aan die "inner voice", daarom verkies hulle 'n lewe van eenvoud weg van enige afleidings. Lidmate wat tot hierdie ontdekking in hulleself kom sal al hoe meer begin swaarkry in die Westerse Protestantse tradisie. Hulle word nie aangetrek deur kulturele samekomste nie. Christene wat 'n voorkeur het tot hierdie tipe spiritualiteit vind baie aanklank by Oosterse gelowe en gebruike, en raak minder tuis in georganiseerde godsdienste.
As Kushner(1977:88) praat oor hierdie verskynsel dan noem hy dat as volg:

*"… a former emphasis of Christianity and Judaism that has largely been discarded in Western technological culture"*

(vgl ook de Mello1984:104; Merton 1955:56; Scholem 1965:112).

Teologies gesproke, sien persone wat aanklank vind by die apofatiese(mistieke) spiritualiteit, God as 'n kreatiewe mag, en sal aangetrokke voel tot 'n skeppingstipe teologie (Fox 1983:17). Hulle skryf, publiseer en voorsien 'n inspirerende en innoverende spiritualiteit wat tot groot opbou vir ons daaglikse lewens is, met 'n tikkie van die Goddelike. Dit is juis binne hierdie tipe spiritualiteit dat mense se spirituele grense uitgedaag word en hoorders binne 'n erediens gekonfronteer word om oop te wees vir 'n nuwe ontmoeting met God.

Persone binne die mistiekspiritualiteit sal vinnig deur mense gekonfronteer word met die mite van as jy niks doen nie is jy lui, antisosiaal en onproduktief. Sulke persone sal dan skuldig voel omdat hulle aanmekaar alleen wil verkeer in stiltes en alleenheid. Die paradoks is ook weer waar nl. dat indien hierdie persone besef dat hulle 'n mistieke voorkeur het, om alleen in stilte te verkeer, hulle terug in die groep bekend is om te lag.

*"Truly a laughing mystic"* (Ware 1995:42).

Ware (1995:42) gaan verder om die mistiekspiritualiteit as volg te verduidelik:

*"The excess of this quadrant is labeled 'quietism', an aberration that leads to exaggerated retreat from reality and from interaction with the world. Quietism tends to spiritual passivity rather than initiative and deprives the world of the treasured gift of mysticism. The mystic who lacks the balance of the other spiritual expressions is also deprived of the blessing of interaction with others and the lessons provided by friction. Unless it is discerned that they have a true vocation for solitary prayer, and some do have such a calling, spiritual direction will steer these people to alternating their retreat time with involvement and interaction. Teaching techniques of meditation and contemplation are especially fruitful"*

2.3.8.4. 'n Handspiritualiteit

Die handspiritualiteit is die kleinste van die vier tipes spiritualiteit. Hier beweeg ons weg van denominasies of groepe na individuele persone. Hierdie individue steur hulle min aan wat denominasies of groepe sê. Vir hulle is dit meer belangrik om gehoorsaam te wees aan God se stem en om te getuig van God se Koninkryk wat kom. Daar is 'n onverskrokke idealisme wat verantwoordelikheid neem vir verandering en transformasie binne 'n bepaalde gemeenskap. By die handspiritualiteit is daar 'n aanmatigende, selfs aggresiewe begeerte om 'n bepaalde visie te implementer rondom God se Koninkryk op aarde.

Vanuit 'n geloofsoortuiging, is die persone wat hulle binne hierdie tipe bevind, selfopofferend in hulle persoonlike lewe, met die doel dat die Koninkryk van God sal realiseer op aarde. Hulle is selfs bereid om lydendes te wees vir hierdie doel. In die Bybel lees ons van hulle in die heldegallery van Hebreërs 11. Ons vind hierdie tipe spiritualiteit ook onder die Apostoliese Vaders en Moeders sowel individue soos Martin Luther, Johannes Calvyn, Dorothy Day, Elie Wiesel asook in verskeie persone wat in die midde staan van een of ander bevrydingsteologie. Vir hierdie persone is die wedergeboorte van 'n gemeenskap 'n persoonlike veldtog, waar daar 'n sterk begeerte

uitgepreek word oor die verkeerdheid in ongelykheid in die wêreld. Ware(1995:43) stel dit as volg:

*"They equate prayer and theology with action"*

Binne hierdie tipe spiritualiteit is spreuke soos: "My werke en my gebede is een" of "Ek bid met my hande en my voete". Dit is die persone wat leiding neem in die sensitiewe, moeilike en verleentheidssake, omdat hulle nie hulle daaraan steur oor wat ander mense van hulle dink nie. Hulle het hulle bepaalde seining, en al kom iemand ander hulle opinie stel, het dit basies geen uitwerking op die visie en drif wat alreeds in hulle aanwesig is nie. Ware(1995:44) som dit mooi op as sy sê:

*"An excessive and unbalanced spirituality is called "encratism" and refers to a moralistic and unrelenting tunnel-vision. If you are not supporting "the cause" with the same selfless effort that they expend, you are not apart of their world. In their single mindedness, this person in this spirituality, may not notice you. They can trouble our lives, even make us feel guilty, but we find ourselves admiring this person for being willing to make a difference"*

2.3.8. OPSOMMING

Ons het gepoog om te verwys na 'n aantal tipologieë van spiritualiteit (Holmes, Wainwright, Fowler, Walrath, Johnson, Hopewell) om te bepaal watter faktore verantwoordelik is vir die diversiteit in tipes spiritualiteite. (Vir die doel van hierdie studie het ons gekies om meer te fokus op die tipologie van Holmes) Die groepe wat dit beinvloed nl. *konteks, konfessionele tradisie, naratief en psigologiese samestelling* word as feite aangeneem as dit waarin spiritualiteit vorm aanneem.

Ons het verder gegaan en 'n model van spiritualiteit ontwikkel. Dit word bevind dat spiritualiteit 'n konkrete vorm aanneem binne 'n netwerk van wedersydse verhoudinge tussen God, die individu, ander en die skepping. Die verhouding met God word as feit aangeneem as die oorhoofse en belangrikste element in die model. Die kompleksiteit van

University of Pretoria etd – Barnard, P  (2005)

hierdie netwerk van verhoudings en hulle verhoudinge, saam met die gietvorm waarbinne spiritualiteit plaasvind, word gesien as 'n komplekse fenomeen met beide immanente en transendente aspekte.

## 2.3.9. KONKLUSIE

Uit hierdie bostaande verduideliking van die vier verskillende spiritualiteits-tipes, moet mens kyk waar jy as gemeente en as individu staan.  Dit is egter misleidend om korporatief en individueel jouself in een van die vier tipes in te forseer.  Dit sal egter duidelik wees dat jy sekere tendense sal optel waar mens korporatief en individueel by meer as een tipe jouself kan bevind.  Ware(1995:44-45) verduidelik dit as volg:

*"Once we have found where we have fallen within the total circle, we then have opportunity to grow by (1) acknowledging and strengthening our present gifts, (2) growing towards our opposite quadrant, and (3) appreciating more perceptively the quadrants on either side of our dominant type.  Worshipping groups will want to plan to meet the needs of more people by stretching towards some variety of expressions without losing the central identity of the group.  People who find their spirituality represented in several quadrants may be encouraged to see that they are capable of several kinds of worship experience"*

Die aanbiedinge van spiritualiteite is baie keer hiërargies van aard, wat kan lei dat 'n sekere tipe meer voorkom as 'n ander een.  Gou kom daar 'n sort kompeterende houding weens ander tipes, en die natuurlike reaksie is om vir jou persoonlike voorkeur te kies. Hierdie studie poog dat elke tipe spiritualiteit 'n waarde het, maar dat elke tipe ook verskillend van mekaar is.  Met dit in gedagte kan jy as individu groei deur jouself te integreer met die ervaringe van ander tipes spiritualiteite.

*"Using this typology, we each come to know more truly our own gifts and to see their value to corporate spiritual life.  … it is designed to affirm gifts and to reveal differences, not to evaluate the maturity or worth of any particular spiritual style"* (Ware 1995:45).

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

Ons het bespreek hoe belangrik die integrasie van al vier verskillende spiritualiteitstipes is, om op te maak vir 'n gebalanseerde geheel. Ons het ook deeglik bewus geraak van ons persoonlike spiritualiteitsvoorkeur. Ons is nou gereed om te kyk hoe ons presies te werk moet gaan om tot 'n dieper verstaan te kom van ons spiritualiteitsvoorkeur in 'n erediens.

# HOOFSTUK 3: 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA SPIRITUALITEITSTIPES BINNE DIE RING VAN DIE PAARL

## 3.1 INLEIDING

## 3.2 KWANTITATIEWE ONDERSOEK

University of Pretoria etd – Barnard, P  (2005)

3.3 RING VAN DIE PAARL

3.4 METODE VAN ONDERSOEK

3.5 VERWERKING VAN DATA

3.5.1 Individuele gemeentes

3.5.2 Ring van die Paarl

3.5.3 Persentasies en grafiese voorstellings

3.6 OPSOMMING

## 3.1 INLEIDING

Die praktiese teologie het in sy wetenskaplike bestudering van kommunikatiewe geloofshandelinge die hulp van *empiriese metodes* nodig. In hoofstuk 3 is basisteoreties gereflekteer oor die vormgewing van Spiritualiteitstipes in eredienste. Hierdie empiriese aktiwiteit van begryp en verstaan verdien verdere empiriese navorsing met die oog op 'n verbeterde praktykteorie.

*'Het empirisch perspectief verbindt het wie doet wat primair met het waar en wanneer"*

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

(Heitink 1993:212)

Die doel van die empiriese ondersoek is om hierdie situasionele handelinge wat binne 'n sekere konteks en ruimte en tyd afspeel, te probeer *verklaar*. Die empiriese benadering van hierdie hoofstuk vul dus die hermeneutiese perspektief van die vorige hoofstuk aan. In hierdie situasie-analise moet op wetenskaplike verantwoorde wyse vasgestel word waarom daar 'n probleem is met betrekking tot 'n oorheersende tipe spiritualiteit binne die ring van die Paarl, wat nie noodwendig die behoefte van lidmate is nie. Van der Ven (1993:75) verwag dat empiriese navorsing moet voldoen aan die vraag:

*"in welchem Sinn und in welchem Mass die empirische Forschung in der Theologie an einer Erhellung des Gesellschaft von heute beitragen kann?"*

## 3.2 KWANTITATIEWE ONDERSOEK

In kwantitatiewe ondersoekprojekte word normaalweg gebruik gemaak van sosiale opnames (survey) en kwasi-eksperimentele navorsingsontwerpe. Die instrumente wat vir die opnames gebruik word, is gewoonlik vraelyste (questionnaires). Nadat die data ingesamel is, word dit aan statistiese toetse onderwerp en word die bevindinge geëvalueer aan die hand van die konseptualisering van die probleemstelling (vgl. Pieterse 1993:178).

## 3.3 RING VAN DIE PAARL

Die Ring van die Paarl bestaan uit 9 gemeentes. Die gemeentes is as volg:

1. Franschhoek
2. Simondium
3. Suider-Paarl
4. Drakenstein
5. Paarl-Strooidak

6. Toringkerk
7. Paarlvallei
8. Paarlberg
9. Agter-Paarl

## 3.4 METODE VAN ONDERSOEK

Aan elke gemeente is 20 van onderstaande vraelyste uitgedeel. Lidmate wat die vraelyste ingevul het, het bestaan uit verteenwoordigende ouderdomsgroepe vanaf doop tot belydende lidmate uit die betrokke gemeentes. Die doel van hierdie empiriese ondersoek is om die primêre of oorheersende spiritualiteitstipe in 'n betrokke gemeente te bepaal (Gemeentelike styl). Die verdere doel van hierdie empiriese ondersoek is om die lidmate van die betrokke gemeentes se spiritualiteitstipes te bepaal (Persoonlike styl). Sodoende wil ons die Gemeentelike styl met die Persoonlike styl van elke gemeente in die Ring van die Paarl vergelyk. Samevattend wil ons die oorheersende spiritualiteitstipe (Gemeentelike styl) vergelyk met lidmate se voorkeur spiritualiteitstipes (Persoonlike styl) in die hele Ring van die Paarl.

Vir die doel van hierdie studie het ons gebruik gemaak van Ware (1995:49-52) se spiritualiteitswiel wat gebaseer is op die spiritualiteits-tipologie van Holmes(1980:3-7).

# Die Spiritualiteitswiel


Corinne Ware, D. Min.

Gebaseer op die spiritualiteits-tipologie van Urban T. Holmes

## Gemeentelike styl


Teoreties
(kop)

Apofaties
(God is 'n misterie)




Katafaties
(God is geopenbaar)

## Persoonlike styl




Verwerk deur Corinne Ware vanuit *The History of Christian Spirituality: An Analytical Introduction* deur Urban T. Holmes. Gebruik met toestemming van Jane N. Holmes.

**<u>DIE SPIRITUALITEITSWIEL</u>**

'n Basiese toets vir spirituele tipering / die bepaling van spirituele tipe:

Die doel van hierdie oefening is om 'n beeld te vorm/ prentjie te skets van u ervaring van korporatiewe aanbidding en dit met die beeld van u eie persoonlike styl van aanbidding te vergelyk. Voor u begin, kyk eers na die laaste bladsy van die toets. Daar is twee sirkels wat in kwadrante 1, 2, 3 en 4 verdeel is. Elke kwadrant verteenwoordig 'n uitdrukking van 'n tipe spiritualiteit. In die boonste sirkel gaan u 'n 'prentjie skets' van u geestelike

belewing in u bepaalde gemeente en in die onderste sirkel gaan u dieselfde doen van u persoonlike styl.

**Gemeentelike styl**

Lees deur die eerste groep stellings en kies diè wat beskrywend van u gemeente se aanbiddingstyl is. Dit mag een, meer as een of geen stelling nie, behels. Let op die nommers van u keuses. Vind die genommerde kwadrant in die boonste wiel wat ooreenstem met die nommer van u gekose stelling. Trek ‘n lyn wat strek van die middel van die sirkel tot teen die buitenste rant (soos die speek van ‘n wiel) in daardie kwadrant. Dit doen u vir elke stelling wat u gekies het.

**Persoonlike styl**

Lees weer deur die eerste groep stellings en kies die stelling/s wat u persoonlik verkies as deel van u geestelike ervaring. U mag een, meer as een of geen stelling nie kies. Vind die stelling/s se ooreenstemmende nommer/s in die kwadrante van die onderste sirkel en trek vir elk ‘n speeklyn. Die resultaat is ‘n skets van u persoonlike styl wat u kan vergelyk met die ervaring wat u in u aanbiddingsgroep het.

**Orde van aanbidding**

1. ‘n Ordelike en deeglik beplande aanbiddingsprogram bring eer aan God.
2. ‘n Intense, roerende en spontane ontmoeting verheerlik God.
3. Eenvoud en ‘n mate van stilte is belangrike en noodsaaklike elemente vir aanbidding.
4. Dit is nie 'n erediens nie, maar om onsself diensbaar /inskiklik te maak/op te roep tot God se diens wat belangrik is.

University of Pretoria etd – Barnard, P  (2005)

**Tyd**

1. Bly by die bepaalde begin- en eindtye van die aanbiddingsdiens.
2. Dit is belangrik om die ontmoetingstyd te verleng indien daartoe gelei.
3. Alle tyd is God se tyd.  ‘n Gevoel van tydloosheid is belangrik.
4. Kom bymekaar wanneer en solank dit nodig is om die taak te voltooi.

**Gebed**

1. Woorde gee uiting aan poëtiese lofprysing;  ons vra vir kennis en leiding.
2. Laat woorde en gevoelens God se teenwoordigheid op/in hierdie oomblik oproep.
3. Ledig/suiwer die verstand van afleibare gedagtes en wees net eenvoudig in God se teenwoordigheid.
4. My lewe en my werk is my gebed.

**Musiek**

1. Die musiek en lirieke verwoord lof aan God en geloof oor/in God.
2. Om te sing snoer ons saam en gee uiting aan die diepste hart van die siel.
3. Gesang en klank bring die siel tot stilte en eenwording met God.
4. Liedere kan groter ywer en meer toewyding mobiliseer en inspireer.

**Prediking**

1. Die Woord van God wat met reg verkondig word, is die middelpunt van aanbidding.

2. Die evangelie wat met gevoel verkondig /roerend oorgedra word is die krag van God wat lewens verander.
3. Wanneer die Heilige Gees tot die innerlike hart praat, word die prediking /proklamasie aangehoor.
4. Wat ons DOEN is ons 'prediking' en praat harder as enigiets wat ons sê.

**Beklemtoning**

1. 'n Sentrale doel/hoofdoel is dat ons ons roeping in die wêreld vervul.
2. 'n Sentrale/hoofdoel doel is dat ons leer om in heiligheid saam met die Here te wandel.
3. 'n Sentrale doel/hoofdoel is dat ons een met ons Skepper sal wees.
4. 'n Sentrale doel/hoofdoel is dat ons God se wil volkome sal gehoorsaam.

**Ondersteuning van aksies**

(indien nodig, omkring die woorde van toepassing en kies die kategorie met die meeste sirkels)

1. Ondersteun seminare, uitgewersmaatskappye, studiebeurse, verkondiging aan ander.
2. Ondersteun evangelisasie, uitreikings, verspreiding van die Woord op radio en televisie.
3. Ondersteun oorde van/vir geestelike afsondering, spirituele leiding, liturgiese hervorming.
4. Ondersteun politiese aksies om geregtigheid in die samelewing en sy instellings te grondves.

**Kritiek**

1. Soms word ek/ons beskou as te intellektueel, dogmaties en 'droog'.
2. Soms word ek/ons beskou as te emosioneel, dogmaties, anti-intellektueel.
3. Soms word ek/ons beskuldig dat ons van die wêreld probeer ontsnap en nie realisties is nie.
4. Soms word ek/ons beskuldig van tonnelvisie en dat ons te moralisties is.

**Oorheersende temas**

(indien nodig, omkring die woorde van toepassing en kies die kategorie met die meeste sirkels)

1. Oordeelkundigheid, dissipline, kennis, orde, welwillendheid, regverdiging.
2. Liefde, bekering, getuienis, spontaniteit, heiliging.
3. Armoede, nederigheid, verootmoediging, wysheid, losmaking, voortreflikheid.
4. Eenvoud, reinheid van hart, optrede, matigheid, gehoorsaamheid, martelaarskap.

**Lidmaatskapkriteria**

(wat die gemeente glo noodsaaklik is; wat u glo noodsaaklik is)

1. Instemming tot/goedkeuring van (Engels= 'assent') die geloofsleer, doop, onderskrywing deur die groep.
2. 'n Persoonlike innerlike ervaring van God, doop, publieke verklaring.
3. Almal wat na God opsien en Hom aanbid, is deel van Sy heiligdom.
4. Solidariteit met die mensdom beteken lidmaatskap van God se koninkryk.

**Rituele en liturgie**

1. Rituele en liturgie ontlok herinnering en teenwoordigheid, die verkondiging van tradisionele waarhede.
2. Liturgie en rituele seremonies is nie baie belangrik nie.
3. Rituele en liturgie is wyses waarop God vir ons teenwoordig word/ ons God se teenwoordigheid ervaar.
4. Rituele en liturgie is een manier waarop ons ons innerlike oortuigings sigbaar maak/verklaar.

**Konsep van God**

1. God word in die Skrif, die sakramente, in Jesus Christus en Sy kruis geopenbaar.
2. Ek kan voel dat God werklik/‘n werklikheid is en dat Christus in my hart woon.
3. God is misterieus en kan begryp word, maar nie heeltemal verstaan word nie.
4. Ons het deel aan die geheimenis/misterie van God wanneer ons mede-skeppers in die wêreld word.

## 3.5 VERWERKING VAN DATA:

Die aantal speke in elkeen van die vier kwadrante is bymekaar getel. Hier volg die getalle van elke tipe spiritualiteitskwadrant rakende die Gemeentelike styl en die Persoonlike styl.

### 3.5.1 Individuele gemeentes

Franschhoek

| **Gemeentelike styl:** | | **Persoonlike styl:** | |
|---|---|---|---|
| Kop | = 97 | Kop | = 74 |
| Hart | = 86 | Hart | = 92 |
| Mistieke | = 60 | Mistieke | = 65 |
| Hand | = 37 | Hand | = 55 |

Simondium

| **Gemeentelike styl:** | | **Persoonlike styl:** | |
|---|---|---|---|
| Kop | = 133 | Kop | = 68 |
| Hart | = 64 | Hart | = 84 |
| Mistieke | = 55 | Mistieke | = 91 |
| Hand | = 33 | Hand | = 74 |

Suider-Paarl

| **Gemeentelike styl:** | | **Persoonlike styl:** | |
|---|---|---|---|
| Kop | = 124 | Kop | = 54 |
| Hart | = 70 | Hart | = 105 |
| Mistieke | = 49 | Mistieke | = 96 |
| Hand | = 30 | Hand | = 41 |

Die Paarl-Strooidak

| **Gemeentelike styl:** | | **Persoonlike styl:** | |
|---|---|---|---|
| Kop | = 98 | Kop | = 73 |
| Hart | = 99 | Hart | = 104 |
| Mistieke | = 66 | Mistieke | = 74 |
| Hand | = 49 | Hand | = 63 |

Toringkerk

| **Gemeentelike styl:** | | **Persoonlike styl:** | |
|---|---|---|---|
| Kop | = 136 | Kop | = 73 |
| Hart | = 71 | Hart | = 102 |
| Mistieke | = 53 | Mistieke | = 91 |
| Hand | = 41 | Hand | = 50 |

Paarlvallei

| **Gemeentelike styl:** | | **Persoonlike styl:** | |
|---|---|---|---|
| Kop | = 145 | Kop | = 57 |
| Hart | = 62 | Hart | = 92 |
| Mistieke | = 38 | Mistieke | = 92 |
| Hand | = 25 | Hand | = 61 |

Paarlberg

| **Gemeentelike styl:** | | **Persoonlike styl:** | |
|---|---|---|---|
| Kop | = 168 | Kop | = 78 |
| Hart | = 65 | Hart | = 102 |
| Mistieke | = 53 | Mistieke | = 95 |
| Hand | = 32 | Hand | = 44 |

Agter-Paarl

| **Gemeentelike styl:** | | **Persoonlike styl:** | |
|---|---|---|---|
| Kop | = 118 | Kop | = 48 |
| Hart | = 72 | Hart | = 87 |
| Mistieke | = 34 | Mistieke | = 87 |
| Hand | = 22 | Hand | = 47 |

Drakenstein

| **Gemeentelike styl:** | | **Persoonlike styl:** | |
|---|---|---|---|
| Kop | = 138 | Kop | = 74 |
| Hart | = 94 | Hart | = 102 |
| Mistieke | = 47 | Mistieke | = 77 |
| Hand | = 40 | Hand | = 57 |

3.5.2 Ring van die Paarl (Al *NEGE* gemeentes)


| **Gemeentelike style:** | | **Persoonlike style:** | |
|---|---|---|---|
| Kop | = 1157 | Kop | = 599 |
| Hart | = 683 | Hart | = 870 |
| Mistieke | = 455 | Mistieke | = 768 |
| Hand | = 309 | Hand | = 492 |


3.2.1 Persentasies en grafiese voortstellings


Die aantal spekies in elke kwadrant is getel en verwerk na persentasies. Hier volg 'n opsomming van die persentasies van die Gemeentelike style en die Persoonlike voorkeur style van gemeentes en lidmate van die betrokke gemeentes.


| | Gemeentelike styl | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Alle gemeentes | Franschhoek | Simondium | Suider-Paarl | Strooidak | Toringkerk | Paarlvallei | Paarlberg | Agter-Paarl | Drakenstein |
| Kop | 44.4 | 34.6 | 46.7 | 45.4 | 31.4 | 45.2 | 53.7 | 52.8 | 48 | 43.3 |
| Hart | 26.2 | 30.7 | 22.5 | 25.6 | 31.7 | 23.6 | 23 | 20.4 | 29.3 | 29.5 |
| Mistiek | 17.5 | 21.4 | 19.3 | 17.9 | 21.2 | 17.6 | 14.1 | 16.7 | 13.8 | 14.7 |
| Hand | 11.9 | 13.2 | 11.6 | 11 | 15.7 | 13.6 | 9.3 | 10.1 | 8.9 | 12.5 |


| | Persoonlike styl voorkeur | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Alle gemeentes | Franschhoek | Simondium | Suider-Paarl | Strooidak | Toringkerk | Paarlvallei | Paarlberg | Agter-Paarl | Drakenstein |
| Kop | 21.9 | 25.9 | 21.5 | 18.2 | 23.2 | 23.1 | 18.9 | 24.5 | 17.8 | 23.9 |
| Hart | 31.9 | 32.2 | 26.5 | 35.5 | 33.1 | 32.3 | 30.5 | 32 | 32.3 | 32.9 |
| Mistiek | 28.1 | 22.7 | 28.7 | 32.4 | 23.6 | 28.8 | 30.5 | 29.8 | 32.3 | 24.8 |
| Hand | 18 | 19.2 | 23.3 | 13.9 | 20.1 | 15.8 | 20.2 | 13.8 | 17.5 | 18.4 |



Gemeentelike styl (Alle gemeentes)
Kop
Hart
Mistiek
Hand


Persoonlike styl voorkeur (Alle gemeentes)
Kop
Hart
Mistiek
Hand


Gemeentelike Styl
Kop
Hart
Mistiek
Hand
60
50
40
30
20
10
0
Alle gemeentes
Franschhoek
Simondium
Suider-Paarl
Strooidak
Toringkerk
Paarlvallei
Paarlberg
Agter-Paarl
Drakenstein


Persoonlike styl voorkeure
Kop
Hart
Mistiek
Hand
40
35
30
25
20
15
10
5
0
Alle gemeentes
Franschhoek
Simondium
Suider-Paarl
Strooidak
Toringkerk
Paarlvallei
Paarlberg
Agter-Paarl
Drakenstein


Gemeentelike Styl
Alle gemeentes
Franschhoek
Simondium
Suider-Paarl
Strooidak
Toringkerk
Paarlvallei
Paarlberg
Agter-Paarl
Drakenstein
60
50
40
30
20
10
0
Kop
Hart
Mistiek
Hand


Persoonlike Styl voorkeure
Alle gemeentes
Franschhoek
Simondium
Suider-Paarl
Strooidak
Toringkerk
Paarlvallei
Paarlberg
Agter-Paarl
Drakenstein
40
35
30
25
20
15
10
5
0
Kop
Hart
Mistiek
Hand

University of Pretoria etd – Barnard, P  (2005)

3.6 OPSOMMING:

Uit bogemoemde gegewens en persentasies is dit glad nie moeilik om te sien waar die klem lê rondom Gemeentelike Styl nie.

1. Kop (44.4%)
2. Hart (26.2%)
3. Mistiek (17.5%)
4. Hand (11.9%)

Daar is 'n totale oorheersende KOPSPIRITUALITEIT (44.4%) wat heers in gemeentes. By sekere gemeentes soos Die Paarl-Strooidak en Franschhoek is dit nie die geval nie, maar die balans kom nie voor by ander gemeentes in die Ring nie.

Die skokkende feit is egter dat die oorheersende Persoonlike Styl van lidmate nie by die kopspiritualiteit lê nie, maar by die hart en die mistieke. .

1. Hart (31.9%)
2. Mistiek (28.1%)
3. Kop (21.9%)
4. Hand (18%)

Hierdie gegewens verwoord wat alreeds in die PROBLEEMVRAAG in Hoofstuk 1 vervat is nl. Hoekom kla lidmate heeltyd dat hulle min ervaar en beleef in eredienste ? Tot watter mate reflekteer die piritualiteit wat heers in eredienste in die Paarlvallei die werklike behoeftes van die hoorders ? Word daar na hierdie behoeftes gekyk en voorsiening gemaak of bly ons maar steeds sê: Dit is die tradisie en so sal dit bly !

Deur die kopspiritualiteit van die gemeentelike style en die persoonlike voorkeur styl te vergelyk, is daar 'n 22% behoefte by lidmate aan 'n verminderde kopspiritualiteit. By sekere gemeentes lê hierdie verskil kommerwekkend hoog. Simondium (25%), Suider-Paarl (27%), Toringkerk (22%), Paarlvallei (35%), Paarlberg (28%), Agter-Paarl (30%), Drakenstein (19%) se lidmate het behoefte aan 'n verminderde kopspiritualiteit.

Uit die probleemvraag en die empiriese ondersoek is dit duidelik dat ons aan hierdie praktyk moet aandag gee. Dit bring ons egter uit by 'n *verstelde praktykteorie* (Hoofstuk 4) wat hierdie probleem moet adresseer.

# HOOFSTUK 4: 'N VERSTELDE PRAKTYKTEORIE VAN SPIRITUALITEITE IN EREDIENSTE BINNE DIE RING VAN DIE PAARL.

4.1 INLEIDING

4.2 VERSTELLINGS

4.2.1 Ontwikkeling en groei van gemeentelike styl

4.2.1.1 Groei en ontwikkeling van die Hartspiritualiteit

4.2.1.2 Groei en ontwikkeling van die Mistiekspiritualiteit

4.2.1.3 Groei en ontwikkeling van die Handspiritualiteit

4.2.2 Ontwikkeling en groei van die Persoonlike styl

4.2.2.1 Groei en ontwikkeling van die Hartspiritualiteit

4.2.2.2 Groei en ontwikkeling van die Mistiekspiritualiteit

4.2.2.3 Groei en ontwikkeling van die Handspiritualiteit

4.3 OPSOMMING

4.4 SLOTWOORD

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

## 4.1 INLEIDING

In die beoefening van die homiletiek word van 'n verskeidenheid teorieë gebruik gemaak, wat onderskei maar nie geskei kan word nie. Die teorieë moet nie hiërargies georden word nie en behoort mekaar voortdurend te verryk en te verruim. Vos (1996:61) vergelyk dit met die vertrekke van 'n huis waar die homiletiek in drie vertrekke leef: 'Die vertrekke bestaan uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe, 'n teologiese of fundamentele en 'n praktykteoretiese ruimte. Dit is die bewoning van die drie ruimtes wat 'n homiletiese bestaan sinvol maak.' In hierdie laaste hoofstuk val die fokus op die laaste van die genoemde vertrekke, maar geskied dit nie sonder die lig wat ook inskyn vanuit die ander vertrekke nie. Die deure moet dus oopgehou word!

'n Verstelde praktykteorie "ontwikkel as resultaat van 'n teologiese refleksie oor die empiriese bevindinge" (Pieterse 1993:188). Hierdie teologiese refleksie kan volgens Pieterse (1993:188) drie vorme aanneem: Dit is die terugkoppeling van die bevindinge na die oorspronklike teologiese teorie van waar uit die ondersoek gedoen is, 'n teologiese interpretasie van die saak waaroor die ondersoek gedoen is aan die hand van die konkrete konteks wat in die empiriese ondersoek vasgestel is, en 'n teologiese refleksie op die metodologie na aanleiding van die pas voltooide studie. Die doel van hierdie fase is dus om 'n nuwe sintese aan te bied van insigte wat deur die studie ontwikkel het en dit by wyse van 'n aantal aanbevelings aan die orde te stel.

## 4.2 VERSTELLINGS

### 4.2.1 Ontwikkeling en groei van Gemeentelike Styl

Daar is twee maniere hoe 'n gemeente kan groei nl. groei in getalle en groei in diepte rakende hulle geestelike ervaringe. Die meeste gemeentes is hoofsaaklik geïnteresseerd in die groei van getalle en ooreenstemmende groei in inkomste. Hierdie belangstelling is nie noodwendig kras of oneerbiedig nie; dit is nie die mindere van die twee tipes groei

nie. Numeriese groei is prakties, om die minste te sê, en kan ook eties en heilig wees as dit ten doel het om mense se lewens te verryk. As die groei egter net gaan oor die geldigmaking van 'n groep of om net die leier se loopbaan te promoveer, is dit dodelik.

Groei in die geestelike sin van die woord is gewoonlik die laagste op die lys, maar vir die gesondheid van 'n gemeenskap, behoort dit die belangrikste prioriteit te wees. Te veel sien mens gemeentes wat begin in 'n vurige ywer van geloof met groot getalle, maar wat eindig in instutisies wat primêr net op hulleself gefokus is. Hulle is soos plante met die mooiste blommetjies wat se stammetjies geknip word, en niemand besef dat hulle besig is om dood te gaan nie. Ware (1995:73) som dit mooi op as sy sê:
*"The nourishment that sustains the congregation is its experience of growing faith and its connection with God; in other words, its **spirituality**."*
In hierdie hoofstuk gaan dit oor gemeente groei en ook oor persoonlike groei. Die gemeenskap is 'n stof wat gemaak word uit sy individue lede, en dit is hierdie lede wat die gemeenskap koester en wat beide numeriese en geestelike groei bewerkstellig.

Uit die empiriese ondersoek het ons gesien dat die KOPSPIRITUALTEIT (44.4%) die oorheersende Gemeentelike Styl is in die Ring van die Paarl. Die area van die grootste groei potensiaal van die gemeentes en ring word gevind in die kwadrant regoorstaande die dominante kwadrant (Ware 1995:77). In hierdie geval lê dit by die MISTIEKE. Hierdie regoorstaande kwadrant (MISTIEKE) motiveer 'n mens om die waarde daarvan in te sien om God op 'n ander manier te ervaar. Dit beteken nie dat ons moet ophou met ons bestaande manier van aanbidding nie, maar ons kan onsself blootstel en verryk tot ander ervaringe en belewenisse van God.
Die kwadrante langs die oorheersende kwadrant is gewoonlik hulle wat ons die minste wil aanvaar. Uit die empiriese ondersoek is dit die HART -en die HANDSPIRITUALITEITE. Gewoonlik wil ons nie dinge doen volgens hierdie spiritualiteite se behoeftes nie, maar dit is so belangrik dat ons hulle aandeel sal raaksien in die bydrae tot die geheel.

Uit die empiriese ondersoek het ons afgelei dat ons as gemeentes moet ontwikkel rondom die HART -en die MISTIEKSPIRITUALITEITE. Soos reeds genoem is die KOP spiritualiteit die oorheersende van die vier tipes. Vir die doel van hierdie navorsing gaan ons stilstaan by die ontwikkeling van die HART, MISTIEKE en die HAND. Let egter op dat dit geensins beteken dat een tipe spiritualiteit beter as die ander een is nie, of dat een of meer verkeerd is nie. Die afleidings word suiwer gemaak uit die empiriese bevindinge.

4.2.1.1 Groei en ontwikkeling van die Hartspiritualiteit

- Eksperimenteer met musikale uitdrukkings. Gebruik ander instrumente ook en nie net die orrel nie. Sing musiek wat meer tot God gerig is, en minder oor God (Belydenisliedere) gaan. Die klem moet val op liedere wat uitdrukking gee aan individuele oorgawe en my verhouding met God. Liedere moet ook iets verwoord van 'n aanbiddelike gestalte waar daar 'n definitiewe konneksie gemaak word met God.
- Sangleiers se houding moet iets weergee van opregtheid en passie. Die lyftaal van die voorsangers moet aanbidding wees en nie aanbieding nie.
- Voorafsang deur iemand wat voor staan en die een lied na die ander aankondig is taboe. Speel eerder 'n gepaste CD vooraf en maak alle sang deel van die erediens wat gelei word deur 'n geoefende sanggroep.
- Beweeg weg van die formele styl van erediens na 'n meer informele, eietydse, kontemporêre aanslag.
- Gee geleentheid vir mense om te getuig van God se invloed in hulle lewe of om net hulle geloofsverhaal te kan meedeel in die erediens.
- Liturge kan by geleentheid van die kansel af klim. Praat met die gemeente op vloervlak en naby aan hulle. Raak deel van die hoorders.
- Skep 'n atmosfeer van huislikheid, sosialisering en warmte in die kerkgebou. Laat daar 'n reuk van koffie of wierook in die gebou aanwesig wees met ligte wat gedomp is.

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

- Kleredrag moet informeel en gemaklik wees. Kommunikeer aan die gemeente dat dit veel belangriker is om hier te wees as hoe jy lyk.
- Raak eietyds, relevant en aktueel in jou preke en aanbiedinge. Maak gebruik van multimedia. Hou by preekreekse en temas wat goed gekommunikeer word aan mense bv. Seisoene van die lewe, Sewe dodelike sondes, Die vyf tale van liefde ens.
- Verfraai die kerk in oorleg met die temas en reekse. Gooi 'n gekleurde doek oor die kansel en sit eerder 'n skildery op 'n esel voor in die liturgiese ruimte as 'n blommerangskikking.
- Maak gebruik van kort dramas in die eredienste om 'n sekere punt te illustreer en uit te lig
- Narratiewe prediking is van uiterste belang. Ook persoonlike narratiewe waar die prediker iets deel van die storie van sy eie lewe. Elke mens is sy storie en dit moet met ander gemeentelede gedeel word.

4.2.1.2 Groei en ontwikkeling van die Mistiekspiritualiteit

- Skep definitiewe momente van stilte in die erediens. As lidmate is mens nie geleer om stilte te geniet nie. Vir die mistiekspiritualiteit is stilte soos water vir iemand wat dors is.
- Skep 'n erediens wat bekend staan as die mistieke erediens. Die styl en atmosfeer wat heers is mymerend.
- Woordlose kommunikasie deur simbole is uiters belangrik in 'n erediens. Maak gebruik van kerse, kuns en simbole. Simbole staan meer sentraal as die liturg.
- Maak gebruik van narratiewe kommunikasie styl deur narratiewe teksgedeeltes. 'n Voorbeeld is die verhaal van Dawid en Batseba in 2 Samuel 11-12. Kommunikeer hierdie narratief uit die oog van Batseba. Hoe moes sy al hierdie dinge om haar beleef en ervaar het?

- In eredienste moet daar 'n lang aanloop wees na die hoofdoel. Baie klem moet gelê word op atmosfeer en aanloop. Begin die erediens met stilte. Liturg is nie prominent soos by ander spiritualiteite nie.
- Musiek moet spreek van eenvoud en herhaling. Daar moet 'n vernouing van aandag plaasvind by die hoorder. Maak baie gebruik van Taizé liedere.
- Laat lidmate die skriflesing in die erediens self doen.
- In die prediking moet daar in die meeste gevalle 'n oop interpretasie gelaat word. Taal moet poëties wees. Daar is meer as een vlak van betekenis. Kommunikeer iets van dat daar altyd meer is as wat ons met die oog sien.
- Vorm 'n groep wat in stilte vir die erediens bid. Mistiek persone is nie mense wat maklik in 'n groep sal bid nie, maar skep dan ruimte dat hulle ook in hulle privaatheid kan bid vir die erediens.
- 'n Retraite vir die mistiekspiritualiteit moet nie bestaan uit verskillende sprekers, groepsaktiwiteite en programme nie. Stel een persoon aan in die hoedanigheid van 'n spirituele mentor of leier om die groep te lei in meditasie, die lees van kort en kragtige aanhalings en die skep van periodieke stiltes. Stil, tonale musiek is 'n bate asook kunsvaardigheid, lees, joernalisering en stap.
- Nooi 'n spirituele leier om lidmate te help met die strukturering van kort gebede en meditasie as deel van hulle daaglikse lewe. Dit word genoem 'n *"rule"* en is 'n baie effektiewe en gedissiplineerde manier van lewe.
- Begin met 'n klein byeenkoms in die laatmiddag by die kerk wat bestaan uit stil gebed, onvoorbereide gebede of een wat gekies word deur een van die lidmate. Sulke gesamentlike byeenkomste van lidmate dien tot groot voordeel vir die groei en ontwikkeling van 'n mistiekspiritualiteit.
- Vra vir die gemeente om uit die Psalms met wisselsang te lees. Kry twee groepe om sekere verse en frases alternatiewelik te lees. Die ritmiese kwaliteit wat sulke lees tot gevolg het, verdiep die meditatiewe temperament.

4.2.1.3 Groei en ontwikkeling van die Handspiritualiteit.

Soos reeds bespreek in hoofstuk 2 is die mistiekmens iemand met 'visie', maar die hand spiritualiteit mens is die een wat die 'visie' doen. Ware (1995:81) beskryf dit as volg:

*"While type 3 is a being person with vision, type 4 is a doing visionary."*

Dit beteken egter nie dat dit in alle gevalle so is nie, maar 'n klomp lidmate het die georganiseerde kerk verlaat vir wat hulle sien as hulle eie bediening.

*"The type-4 words are a cause, a mission, and a meaningful project"* (Ware 1995:81)

Ons dink hier aan sekere organisasies en projekte wat 'n definitiewe betekenis het soos bv. Operasie Mobilisasie (OM). Natuurlik kan enige lidmaat groei met betrekking tot blootstelling aan 'n sekere definitiewe aksie. Daarom moet daar veral aandag gegee word aan die handspiritualiteit wat nie tot sy reg kom in die meeste van die gemeentes nie. Daar is so 'n behoefte aan gemeentes wat wil sê dat my werke is my gebede. Die handspiritualiteit kan groei en ontwikkel deur op die volgende te fokus:

- Raak betrokke by programme wat voedsel voorsien, ekologiese ontwikkeling ondersteun en morele kwessies beveg binne 'n politieke proses. Net soos wat 'n gemeente betrokke sal raak by hierdie programme en aktiwiteite, soveel te meer sal dit inslag vind by 'n handspiritualiteit.
- Raak ook betrokke by die minder dramatiese programme en aktiwiteite soos hulp aan bejaardes, huishulpe en dagversorging van kinders ens.
- Evangelisasie en sending.
- Prediking moet uitdagend en prakties wees. Raak praktiese lewensuitdagende onderwerpe aan.

4.2.2 Ontwikkeling en groei van Persoonlike styl

Die verstaan van individuele of persoonlike spiritualiteit is net so belangrik vir kerkleiers as wat dit is om persoonlik te groei. By hierdie punt wil ons stilstaan by die individuele of persoonlike styl. Uit die empiriese navorsing is dit duidelik dat individue nie net een

tipe spiritualiteit het nie, maar dat daar ook tendense van die ander tipes spiritualiteite voorkom. Bv. 'n persoon is nie alles oorheersend hart nie, maar ook in 'n mindere mate mistiek en hand en kop. Dit is vir hierdie rede hoekom Ware die Spiritualiteitswiel ontwerp het om al die individu se voorkeure te reflekteer. Die resultaat is gewoonlik 'n *portret* van 'n individu se spiritualiteit.

Na die Spiritualiteitstoets afgeneem is het jy opgemerk dat jy 'n sekere tipe spiritualiteit besit. Elke individu wonder ook baie keer of jy geestelik goed of sterk genoeg is wanneer jy in 'n sekere stadium van 'n erediens ongemaklik voel met sekere van die rituele en gebruike. Individue het ook al baie gewonder hoekom ander so gefokus kan wees op 'n sekere aktiwiteit en ander weer net gevoed word deur stiltes. Elke individu het 'n sekere kapasiteit vir die geestelike, maar daardie kapasiteit gee uitdrukking op verskillende maniere.

Wanneer daar na 'n persoon se spiritualteitswiel gekyk word, besef die persoon dat al sy strepies nie net getrek is in een kwadrant van die sirkel nie. Natuurlik is daar 'n oorheersende kwadrant, maar ook kan jy die ander moontlikhede waarneem. Om te besef wat jou hooftendens is help jou om te verstaan wat en wie jy is. Jy hoef nie begeertes te hê om soos die ander te wees nie. Die Here het jou op die manier gemaak en op die manier wil God met jou verbind. Ons geestelike vorming kom beide van ons natuur en aankweking; temperament en omgewing.

Maar die spiritualiteitswiel vertel ook 'n storie van groei. Om jou geestelike kapasiteit uit te brei, sal 'n individu goed doen om te beweeg na die teenoorgestelde kwadrant van die individu se prominente spiritualiteitstipe. Bv. 'n oorheersende kopspiritualiteit se geestelike kapasiteit sal ontwikkel met blootsteliing aan die mistieke en 'n oorheersende hartspiritualiteit sal groei met blootstelling aan die handspiritualiteit. Ook moet daar gekyk word na die kwadrante langs die dominante kwadrant. Bv. 'n oorheersende hart spiritualiteit sal kyk na die kop -en die handspiritualiteit en in die meeste gevalle sal die individu ontdek dat dit juis hulle is wat jou irriteer, wie jy wil vermy en met wie jy ongeduldig is. Daarom is dit so nodig om die gemeentelike styl te vergelyk met 'n

individu se persoonlike styl om te verstaan hoekom hy as individu vervuld is of in die meeste gevalle onvervuld is.

Ons is besig met 'n verstelde praktykteorie wat ten doel het om groei en ontwikkeling van individue totstand te bring. Kom ons kyk hoe individue kan groei en ontwikkel met betrekking tot die verskillende spiritualiteitstipes. Vir die doel van hierdie navorsing staan ons net stil by die hart, mistiek en handspiritualiteit. Die rede hiervoor is die oorheersende kopspiritualiteit wat alreeds aanwesig is in die meeste gemeentes en in die totale Ring van die Paarl. Elke Sondag sit ons in eredienste as hoorders en weet presies hoe is die ervaring en belewenis rondom 'n kopspiritualiteit. Dit is nie vreemd in die Ned. Geref . Kerk nie.

#### 4.2.2.1 Groei en ontwikkeling van die Hart spiritualiteit

'n Persoon wat oorheersend 'n hartspiritualiteit het ervaar verskriklike hoogtepunt en verskriklike laagtepunte in hulle geestelike lewe. Die hoogtepunte is opbouend, selfs buitengewoon en onvergeetlik. Die laagtepunte kan ontstellend, self depressief wees. Die kop -en die handspiritualiteite sal half met afgryse kyk na die kapasiteit van die hartspiritualiteit mense om sulke diep en intense emosionele ervaringe te hê. Hulle sal na die hartmense kyk en sê:"As ons ook net dieselfde liedjies sing, predikers wat meer met vuur preek en 'n meer ongestruktureerde atmosfeer het, sal ons ook alles beleef en ervaar wat die hartmense ervaar. Ons gemeente sal ook dan die groei toon wat hulle toon"
Een van die redes hoekom die hart spiritualiteit gemeentes so groei in hierdie tye is omdat ons gemeenskappe as geheel smag na ervaringe wat ons emosioneel beweeg. Die omgewing waarin die meeste van ons vasgevang is, is 'n lewe van tegnologie en onpersoonlikheid. Mense smag na verhoudings en betekenis.

Die sterk punt van 'n hartspiritualiteit mens is in die rykdom van sy gevoelens. Hulle grootste gawe is hulle vermoë om God te ervaar binne 'n sekere moment of gebeurtenis. Hulle verlustig in en gee uiting aan dit wat in die *hier* en die *nou* om hulle gebeur.

Daarom moet hulle ook deeglik bewus wees dat God nie weg is as die een ervaring nie so intens was soos die vorige een nie. God is konstant 'daar'. Daar is net so baie waarde aan die minder intense oomblikke; hulle besorg konteks en kontras tot die meer ekstatiese oomblikke wat hulle meer waardevol maak.

Omdat die hartspiritualiteit mens meer geaffekteer word deur die omstandighede- die hier en die nou- moet jy gedurig gevoed word om die gevoel te ervaar dat jy een met God is. Daarom moet die hartspiritualiteit mens 'n atmosfeer soek waar dit warm en informeel is, waar die musiek opbouend is en waar dié individu gereeld met mense is wat dieselde behoeftes het. Die hartspiritualiteit mens is iemand wat gedurig wil luister na geestelike musiek, hetsy in sy motor of by die huis.

Die hartspiritualiteit mens moet waak teen die veronderstelling dat om 'reg' te wees moet almal dieselfde geestelike ervaring deel wat hy deel. Omdat dit vir hom werk beteken dit nie dat dit die enigste weg is nie. Daarom moet die hartmens oppas om nie na die kopmense te kyk en dan sê dat hulle geestelik die boot heeltemal gemis het nie. Die hartmense is ook geneig om te sê dat te veel teologie maak godsdiens dood. Die reaksie op die mistiekmens sal weer wees om vir hulle te sê dat hulle totaal buite die geestelike realiteit beweeg. Om verdedigend en eksklussief te wees sal nie help om te groei of om waardering te hê vir die verskeidenheid van geestelike ervaringe rondom jou nie. Probeer om te vermy dat die hartweg die enigste en legitiemste weg is om oor God te dink. As gevolg van gevoelens wat ter sprake is, is dit moontlik om ander mense te vermy of te beïnvloed. Wees versigtig vir die mag wat gevoelens tot gevolg kan hê.

Om te groei na jou teenoorgestelde spiritualiteit (hand) kan baie waardevol wees, mits jy jou eie geestelike kragte sowel as die van ander, aanvaar. Die teenoorgestelde (hand) is die visionêre, wat krities dink. Hier word die hartmense uitgedaag om hulle entoesiasme om te skakel in 'n stuk werk vir 'n gemeenskaplike doel waardeur baie mense baat gaan vind.

*"Like type 4 (hand) you might decide to research that cause to learn the fact about it, rather than taking the word of others as to whether or not it is worthwhile. Two qualities*

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

*that can be gained from the opposite type 4 quadrant are a broad rather than a local consciousness and a critical thinking that helps prevent one from misjudging the issues."* (Ware 1995:88-89)

4.2.2.2 Groei en ontwikkeling van die mistieke spiritualiteit

Die mistiekpersoon word ook genoem die "questers" (pelgrims), omdat hulle gedurig op 'n reis of tog is. Die woord "journey" is een van die mistiekmens se gunsteling uitdrukkings. Sekere mites om sekere dinge te bereik is deel van hulle denke en lewenswyse. Hulle bereik weinig hulle bestemming, maar alles gaan meer oor die reis of die tog wat hulle aanpak. Die grootste gawe van die mistiekmens is sy/haar vermoë om te penetreer verby die tydelike, verby dit wat fisies gesien en gehoor kan word, om uiteindelik uit te kom by 'n beter manier van verstaan ("deeper sort of knowing") Vir die mistiekmens is dit veel belangriker *om te wees* as *om te doen*, omdat die doen altyd van verbygaande aard is. Wanneer jy 'n persoon ontmoet wat geestelik sterk is rondom die mistiek sal jy altyd iets beleef van die oog van 'n storm waar alles kalm is met die chaos rondom. Aan die ander kant sal die mistiekpersone wat geen aandag aan hulle geestelike lewe gee nie altyd onrustig en onvervuld voel omdat hulle na iets meer soek, maar nie genoeg tyd en energie daaraan afstaan om dit te verkry nie.

Die mees inspirerende boeke wat mense se lewens vandag verander word geskryf deur individue met 'n mistieke voorkeur. Dit is hulle wat ons gedurig daaraan herinner dat daar meer in die lewe is as die materiële. Daar is 'n realiteit wat iets transendeer wat gemeet en genoem kan word. Dit is juis in hierdie moment van die geskiedenis waar die Ned. Geref. Kerk hom bevind om te besef dat daar 'n groot behoefte is aan die transendente realiteit. Daar is 'n dringende behoefte by lidmate om in aanraking te kom met hulle diepste innerlike. Deur die mistiekspiritualiteit te ontgin kan lidmate gehelp word om by hierdie skatkis uit te kom.

Om te groei moet 'n mistiekpersoon innerlike stilte ervaar om met God in kontak te kom. Deur die geskiedenis het ons gesien hoe mense hulle afgesonder het van die samelewing. Hulle het dit gedoen nie om hulle self seer te maak en te pynig nie, maar om intimiteit met God te ervaar. As dit 'n individu se behoefte is, moet daar voorsiening gemaak word vir meditasie en oordenking. Wanneer die mistiekpersoon musiek geniet, is dit gewoonlik musiek wat die misterieuse ontwaak en innerlike refleksies koester. So 'n persoon geniet dit ook om alleen te stap of om net met een vertroulike persoon te verkeer. Hulle geniet dit om hulle lewenservaringe met ander te deel, maar op persoonlike terme, wat diep persoonlik is, en een tot een is. Die samelewing waarin ons ons bevind laat nie baie ruimte vir hierdie tipe styl nie. Die meeste aktiwiteite vandag is van uitgaande aard en mistieke persone sal vinnig voel dat aan hulle gekommunikeer word dat hulle sosiaal wanaangepas is of dat die persoon nie van mense hou nie. Dit is in die meeste gevalle glad nie so nie. Dit is hier waar die mistiekpersoon homself ernstig moet opneem en besef dat hy 'n legitieme en waardevolle tipe spiritualiteit het. Daarom moet hierdie individue hulleself voed met tyd alleen, poësie en meditasie, woordlose gebede, die genieting van die natuur, handewerke, die aansteek van kerse, boeke en alles wat hulle laat beweeg om God te konsidereer met blydskap.

Sonder hierdie gebalanseerde spanning, sal die mistiekpersoon homself onttrek aan die lewe op 'n manier wat te eensaam en teruggetrokke is. Natuurlik is daar mense wat dit sien as hulle lewensroeping om hulself in totaliteit af te sonder om te bid en hulself te gee vir 'n sekere saak. Maar die meeste gelowiges word geroep om te skakel en te meng met ander mense deur fisies en emosioneel betrokke te wees. Daarom moet die mistiekmens oppas om nie te veel in hom/haarself opgeneem of selfbeskermend te raak dat alles net draai om sy/haar eie lewe (en verhouding met God) nie. Een van die karaktertrekke van 'n geestelik volwasse en ontwikkelde mistiekpersoon is "inklusiwiteit".

Die mistiekpersoon sukkel om kontak te maak met die persone in die kwadrante langsaan (hart en hand). Die hartpersone sal vir die mistiekpersoon onnatuurlik, aangeplak en uiterlik wees. Die handpersone sal vir die mistiekpersone te veel dryf en energie hê.

Soos alreeds in vorige gedeeltes genoem, lê die groei en ontwikkeling van 'n sekere tipe spiritualiteit in die teenoorgestelde kwadrant. Die mistiekpersoon sal groei en ontwikkeling toon deur blootstelling aan die kopspiritualiteit. Die kopindividue kan die mistiekpersone help om te vra: "Maak dit sin?" en "Is dit realisties en logies?" Die kop individu kan die mistiekindividu help om 'n voordelige realiteitskontrole en begronding te bewerkstellig.

4.2.2.3 Groei en ontwikkeling van die handspiritualiteit

Uit die empiriese ondesoek kan ons sien dat die handspiritualiteit die minste verteenwoordigend is van al vier spiritualiteite binne 'n aanbiddingsatmosfeer.

*"Often the roots of their social concerns come out of the churchin which they grow up. They have been known to leave those congregations, however, because they become impatient with the perceived lack of concern. By promoting their visions and insisting that others join in, they can be disruptive to settled-in congregations. Of course, if the congregation buys into the vision, the type 4 (hand) can become a heroic leader seen as an agent for change"* (Ware 1995:91).

Maar tog is daar 'n tendens uit die empiriese ondersoek dat ons sien dat daar by lidmate 'n behoefte is (18,4%) om betrokke te raak by sekere organisasies of projekte. Een van die probleme in die kerk is dat ons alles vir almal en niks vir iemand kan wees nie. Identifiseer 'n organisasie of projek wat die visie van die gemeente deel. Dit hoef nie iets groots te wees nie. Omdat die handspiritualiteit in die minderheid is, is dit gewoonlik net 'n paar mense wat prakties betrokke raak by 'n saak. Dit lei gewoonlik daartoe dat daar altyd 'n tekort aan hande is om die werk te doen. Soveel te meer moet hierdie individue ondersteuning en bystand kry om uitbranding te voorkom en ander lidmate blootstelling gegee word om ook betrokke te raak.

Omdat die handpersoon waarde heg aan die intellektuele kant van sake moet hy homself voorsien met kognitiewe stimulasie om hom aan die gang te hou. Soek na persone met

oorspronklike idees en gedagtes. Te maklik kan hierdie persone so betrokke raak by die saak en die projek dat hulle die innerlike refleksies vermy wat so baie vir hulle kan beteken. Daarom is dit so belangrik dat hierdie persone net so baie aandag gee aan die innerlike as die uiterlike lewe.

Die gevaar wat 'n handpersoon kan loop wat nie gebalanseerd is nie, is eindeloos. Baie mense sal vir hom sê dat hy net sy eie kop volg. Ander mense sal weer sê dat die betrokke persoon geen geduld het met die mense wat nie in sy visie deel nie. Die grootste gawe van hierdie individue is dat hulle oordeel kan bied en dit veroorsaak dat mense meer verantwoordelik optree. Wanneer dit egter te vér gaan kan dit kwesbaar raak en kan die ondersteuning wat jy verkry het, verlore gaan. Wanneer dinge egter gedoen wil word, moet daar met waardering en erkenning gekyk word, sowel as met oordeel. As die handindividu ongeduldig raak, sal hy hoogs geïrriteerd raak met die kwadrante (kop en mistiek) langs hom. Die kopmens sal praat van al die dinge wat gedoen moet word, maar niks daarvan sal in die praktyk omgesit word nie. Die mistiekmens loop net heeltyd met sy kop in die wolke en is vir niks goed nie.

Die ontwikkeling en groei van die handspiritualiteit vind plaas in die rigting van die hartspiritualiteit. By die handspiritualiteit gaan dit oor die dieper religieuse gevoelens wat op 'n manier vermy word. Die hartpersone gee uiting aan vreugde en kan die hand persoon help om nie in 'n stuk norsheid te verval nie. Die hartspiritualiteit kan die handpersoon help om terug te kom na die realiteit van 'n God wat hier en nou is, maar ook in die toekoms wat sodoende vir die handpersoon hoop sal gee. Die handmens moet besef dat die koninkryk van God nie sonder hom kan klaarkom nie. Daarom moet hierdie persone baie mooi na hulleself kyk deur in die regte rigting te groei en te ontwikkel om sodoende effektief te wees binne veranderende samelewings.

University of Pretoria etd – Barnard, P (2005)

## 4.3 OPSOMMING

In die tydsgees waarbinne ons leef is daar 'n groot onsekerheid rondom persoonlike identiteit. Soveel te meer sal daar ook 'n probleem wees rakende persone se spirituele identiteit. Die N.G. Kerk beleef 'n krisis rondom sy identiteit, veral ook binne die erediens. Die invloed van ander kerke en die post-modernistiese samelewing het 'n groot invloed hoe individue en gemeentes aanbid. Uit die empiriese ondersoek het ons duidelik gesien dat die kopspiritualiteit (44.4%) die oorheersende gemeentelik styl teenoor die hartspiritualiteit (31.9%) wat lidmate se persoonlike voorkeur is. Dit beklemtoon net verder die feit dat gemeentes hulleself in 'n identiteitskrisis bevind, want hulle weet hulle sal moet verander in rigting van die hart en die mistiek. As gemeentes dit nie gaan doen op die manier waarop hulle aanbid in die erediens nie, sal lidmate elders 'n tuiste gaan soek en vind wat alreeds die ervaringe is in die N.G Kerk.

Die oplossing vir die probleem en die identiteitskrisis is nie 'n terugkeer na die kognitiewe, oorintelektualiserende spiritualiteit nie. Binne die N.G Kerk lê die oplossing in 'n gebalanseerde spanning tussen kop en hart, grense en vryheid. Anders gestel kan ons sê dat die oplossing lê in 'n erediens waar daar orde is met 'n ontspanne, gemaklike en spontane atmosfeer. In eredienste moet daar 'n *kreatiewe spanning* tussen die hart -en die kopspiritualiteit wees. Aan die een kant moet daar gedink word en aan die ander kant moet daar ten diepste gevoel word. Dit gaan om die sekulêre heilig en gewyd te maak. Die mistieke van God moet ons nie buite die wêreld lei nie.

*"Experiences that lead one to forsake the world and its need are not of God but of the self and destructive"* (Buber 1970:2).

Daar moet 'n verbintenis wees tussen God en mens, wat nooit buite en losmakend is van die wêreld waarbinne ons leef nie.

*"I know nothing of 'worldly life' that separates us from God… Whoever goes forth in truth to the world, goes forth to God"* (Buber 1970:143).

Die oplossing lê verder ook om die vier spiritualiteite met mekaar te kombineer. Elke individu se verhouding met God word geleef en ervaar in die hede. Dit is in die hede

waar die intimiteit met God ervaar word en nie in dit wat ons in die verlede ervaar het of in die voorveronderstelde toekoms nie. Hier gaan dit oor 'n verbinding met die realiteit van die hede en die transedente mistieke. Die gemeentes wat hierdie aspek in hulle eredienste en aanbiddingsstyle beoefen, bring teweeg 'n gesonde model van spiritualiteit.

*"To be a person implies responsibility and freedom, and both these imply a certain interior solitude, a sense of personal integrity, a sense of one's own reality and of one's ability to give himself to societ."* (Merton 1981:13).

## 4.4 SLOTWOORD:

Almal smag na 'n ideale spiritualiteit wat sal heers in eredienste en gemeentes. Dit bestaan egter nie, en as dit wel bestaan is dit die uitsondering op die reël. Maak vrede dat daar wel spanning is tussen die verskillende spiritualiteite, maar dat hulle mekaar nodig het en waardering vir mekaar moet hê.

Elke gemeente word elke dag gekonfronteer met omstandighede en gebeure wat ons nie altyd kan beheer nie. Die kultuur waarbinne ons leef word gevorm deur die gesindhede van die mense binne-in die kultuur. Dit het tot gevolg dat elke individu soveel te meer verantwoordelik is vir sy eie klimaat en spiritualiteit. 'n Gesonde spiritualiteit in 'n gemeente gaan oor inklusiwiteit en produktiewe spanning. Skep 'n kultuur in die gemeente van diversiteit. Leierskap moet gedurig vir lidmate sê dat hierdie gemeente vedra nie net diversiteit nie, maar omhels dit. Dit is nie 'n probleem of 'n stuk kompetisie nie, maar 'n bate. As 'n gemeente besef dat ons almal mekaar nodig het, dan raak die spanning kreatief. Dit sal lei tot die ontwikkeling van elke spirituele aspek van 'n lidmaat, sowel as die bevordering van 'n gesonde en gebalanseerde spiritualiteit binne 'n gemeente.

Die vraag is of liturge in veranderde omstandighede die vermoë kan ontwikkel om verbeeldingryk en kreatief die nodige variasie aan die dag te kan lê? Indien ons

voortgaan om die evangelie in eredienste binne die oorheersende kopspiritualiteit te bly verkondig, kan dit die kommunikasie van die evangelie skaad. Maar om met integriteit en oorgawe die nuwe evangeliese wyn in nuwe sake aan te bied, is dit dringend nodig om kennis te neem van die ander tipes spiritualiteite en van lidmate se persoonlike voorkeure. Die belang van selfkennis, 'n geïntegreerde spiritualiteit, die beeld rondom die identiteit van die liturge, dra alles by tot effektiewe kommunikasie van die evangelie. Kennis van die hoorders en hulle verskillende spiritualiteite is 'n noodsaaklike voorvereiste om seker te maak dat die evangelie nie in 'n dominerende spiritualiteitstipe oorgedra word nie.

Dit alles in ag genome, bewoord Paulus se woorde in 2 Kor 2:17 die liturg en die erediens se diepste motiewe: 'Ons verkondig die woord in opregtheid, in verbondenheid met Christus, in opdrag van God en in verantwoordelikheid aan God.' Soli Deo Gloria!

# BIBLIOGRAFIE

**Bausch**, William J 1984. *Storytelling: Imagination and faith.* Mystic: Twenty-third.

**Brueggemann**, Walter 1878. *The prophetic imagination.* Minneapolis: Fortress.

**Brueggemann**, Walter 1984. *The message of the Psalms: A theological commentary.* Minneapolis: Augsberg.

**Buber**, Martin 1970. *I and thou*. New York: Scribners

**Carroll**, Jackson W 1988 *"The congregation as chameleon: How the present interprets the past."* in: Ellis Nelson, C (ed) ***Congregations:*** *Their power to form and transform.* Atlanta: John Knox, 43-69.

**Caroll**, Jackson W; Dudley, Carl S & McKinney, William 1986. *Handbook for Congregational Studies.* Nashville: Abingdon.

**Cullmann**, Oscar 1986. *Unity through diversity*. Philadelphia: Fortress.

**Daiber**, K F 1991. *Predigen Und Hören, Band 1. Predigen*. München: Chr Kaiser Verlag

**De Mello**, A 1984. *Sadhana, a way to God: Christian Exercises in Eastern Form.* Garden City, New York: Doubleday

**Den** Dulk, M 1995. *De homiletiek van CJA Vos*. Praktiese Teologie in Suid Afrika 10:6-14

**Dorr**, Donal 1990. *Integral spirituality: Resources for community, justice, peace, and the earth.* New York: Orbis.

**Erickson**, Millard J 1991. *The Word became flesh.* Grand Rapids: Baker.

**Firet**, J 1987. *Spreken als een leerling*. Kampen: Kok

**Fowler**, James W 1984. *Becoming adult, becoming Christian: Adult development and Christian faith.* San Francisco: HarperCollins.

**Fowler**, James W 1987. *Faith development and pastoral care.* Philadelphia: Fortress.

**Fowler**, James W 1991a. *Weaving the new creation: Stages of faith and the public church.* San Francisco: Harper.

**Fowler**, James W 1991b. The vocation of faith development theory, in Fowler, James W, Nipkow, Karl Ernest & Schweitzer, Friedrich (eds), *Stages of faith and religious development: Implications for church, education, and society*, 19-36. New York: Crossroad.

**Fox**, Matthew 1983. *Original blessing: A Primer on Creation Spirituality*. Sante Fe, N.M.: Bear

**Gadamer**, H-G 1975. *Truth and Method*. London: Sheed and Ward

**Heitink**. G 1990. *Theologie en psychologie: Een spanningsveld*. Gereformeerd Theologisch Tijdschrift 4:206-220

**Heitink**. G 1993. *Praktische Theologie. Geschiedenis – theorie – handelingsvelde.* Kampen: Uitgeverij Kok

**Holmes**, Urban T 1978. *The Priest in Community: Exploring the roots of Ministry*. New York: Seabury

**Holmes**, Urban T 1980. *A history of Christian spirituality: An Analytical Introduction.* San Francisco: Harper & Row.

**Hopewell**, James F 1987. *Congregation: Stories and structures.* Philadelphia: Fortress.

**Johnson**, Ben Campbell 1987a. *To will God's will: Beginning the journey*. Philadelphia: Westminster.

**Johnson**, Ben Campbell 1987b. *To pray God's will: Continuing the journey*. Philadelphia: Westminster.

**Johnson**, Ben Campbell 1988. *Pastoral spirituality: A focus for ministry.* Philadelphia: Westminster.

**Johnson**, Ben Campbell 1990. *Discerning God's will.* Louisville: Westminster/John Knox.

**Johnson**, Ben Campbell 1991. *Speaking of God: Evangelism as initial spiritual guidance.* Louisville: Westminster/John Knox.

**Johnson**, Ben Campbell & Ramey, Jr., Robert H 1992. *Living the Christian life: A guide to Reformed spirituality*. Louisville: John Knox/Westminster.

**Johnson**, Ben Campbell 1995a. *New day new church.* Decatur: CTS Press.

**Johnson**, Ben Campbell 1995b. *95 theses for the church: Finding direction today.* Decatur: CTS Press.

**Keck**, Leander E 1993. *The church confident.* Nashville: Abingdon.

**Kellerman**, J S 1991. *Narratiewe prediking: 'n Ondersoek en beoordeling*. Ned. Geref. Teologiese Tudskrif 32:473-485

**Kellerman**, J S 1993. *'n Praktykteorie vir die vormgewing van die preek*. Praktiese teologie in Suid Afrika 8:175-189

**Lange**, E 1987. *Predigt als beruf. Aufsätze zu Homiletik, Liturgie und Pfarramt*. München: Kaiser

**Leech**, Kenneth 1987. *The shape of Babylon: The political context of spirituality*, in Robson, J & Lonsdale, D (eds), *Can spirituality be taught?* 9-18. London: Way.

**Lemmer**, J.C 1993. *Preek om gehoor te word*, in Dreyer & Pieterse (reds) 1993:63-94

**Lewis**, CS 1960. *The four loves.* Glasgow: Fount.

**Lonsdale**, David 1987. *Fostering spiritual growth*, in Robson, J & Lonsdale, D (eds), *Can spirituality be taught?* 79-91. London: Way.

**Luther**, H 1982. *Stufenmodell der Predigtvorbereitung*. Theologica Practica 17:60-68

**Merton**, T 1955. *No man Is an Island.* San Diego:Hartcourt

**Merton**, T 1981. *Thoughts in Solitude*. New York: Farrar, Straus & Giroux

**Müller**, B A 1993. *Homiletiese navorsing in die VSA en Europa in gesprek met sosio-Kulturele verskuiwinge.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika 8:162-174

**Osmer**, Richard Robert 1992. *Teaching for faith: A guide for teachers of adult classes.* Louisville: Westminster/John Knox.

**Otto**, G 1976. *Predigt als Rede*. Stuttgard: Kohlhammer.

**Pieterse**, H 1993. *Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie*. Pretoria: RGN-Uitgewers

**Pieterse**, H 1995. *Prediking in die wêreld van die hoorders*. Acta Theologica 15:46-58

**Scholem**, G 1965. *On the Kabbalah and Its Symbolism*. New York: Schocken

**Thiselton**, A C 1980. *The two Horizons: New Testament Hermeneutics and Philosophical Description with Special Reference to Heidegger, Bultmann, Gadamer and Wittgenstein*. Exeter: Paternoster Press

**Van Der Venn**, J A 1993. *Practical Theology: An Empirical Approach*. Kampen: J. H. Kok

**Van Seters**, A (ed) 1988. *Preaching as a social act*. Theology and practice. Nashville:Parthenon Press

**Vos**, C J A 1992. *Retoriese seile vir 'n konseptuele skip in homiletiese vaarwaters*. Praktiese Teologie in Suid-Afrika 7:42-56

**Vos**, C J A 1996. *Die Volheid Daarvan I: Homiletiek uit 'n hermeneutiese-kommunikatiewe perspektief.* Pretoria: Die RGN-Uitgewery

**Vos**, C J A 1996a. *Die Volheid Daarvan II: Homiletiek uit 'n hermeneutiese-kommunikatiewe perspektief.* Pretoria: Die RGN-Uitgewery

**Wainwright**, Geoffrey 1986. *Types of spirituality*, in Jones, Wainwright & Yarnold 1986:592-605.

**Walrath**, Douglas Alan 1987. *Frameworks: Patterns of living and believing today.* New York: The Pilgrim

**Ware**, Corinne 1995. *Discover your spiritual type: A guide to individual and congregational growth.* Washington: Alban Institute.